# Hoofstuk 9

# Stormagtige jare en Engelenburg se intellektuele transformasie, 1925-1931

## Inleiding

Dit was deur Engelenburg se aansporing dat president Paul Kruger se geboortedag, 100 jaar tevore, in 1925 herdenk is. Hy self het 'n boek oor die president gepubliseer. Hy het ook 'n sleutelrol gespeel by die aankoop van bronspotte as versiering in die amfiteater van die Uniegebou. Die aanvanklike weiering van die regering om die Duitse argeoloog, Leo Frobenius, te finansier om argeologiese opgrawings in Afrika te doen het Engelenburg genoop om tussenbeide te tree. Engelenburg moes al sy vernuf gebruik om die regering te oortuig om fondse vir Frobenius beskikbaar te stel.

Die jare 1925 tot 1931 was waarskynlik die moeilikste jare wat Engelenburg in sy leeftyd beleef het. Engelenburg se grootste kopseer was *De Volkstem*, wat om verskeie redes op die punt was om onder te gaan. Die aanstelling van Gustav Preller en Charles Wallach in 1924 in sleutelposisies by die koerant en drukkery was een van die oorsake waarom *De Volkstem* en ook die drukkery onder groot finansiële druk gekom het. Die latere wêreldwye ekonomiese depressie (1929-1933) het die besigheid verder oor die afgrond gedwing.

Op persoonlike vlak het dit ook droewig gegaan. Een van Engelenburg se vriende se huis het afgebrand, sy oorlede vader se derde vrou het gesterf en sy halfbroer het besluit om van sy vrou te skei. Teen 1931 was Engelenburg se vrou, Lorraine, bedlêend aan kanker waarvan sy nie sou herstel nie. Ten spyte van al die terugslae moes Engelenburg moedig voortgaan met sy werk.

**Engelenburg en die rolprentkuns**

Leipoldt het Engelenburg en Lorraine 'n keer toe hulle in die Kaap was, genooi om een aand by hom te kom eet en gesels.[1] Tydens sulke kuieraande het hulle gewoonlik oor allerlei interessante onderwerpe gesels. Leipoldt het eenkeer genoem dat 'n toneelstuk van hom in *Die Huisgenoot* verskyn het en dat hy graag Engelenburg se eerlike opinie wou verneem.[2] Leipoldt het geweet dat Engelenburg nie doekies sou omdraai nie en dat hy reguit en eerlik sou sê wat hy van die stuk gedink het.

Engelenburg het Leipoldt sterk gesteun in sy voornemens om 'n eenakter te skryf. Hy het wel gemeen dat eenakters die moeilikste vorm van die dramatiese literatuur was, maar "... Ons het éénakters hoog nodig, speciaal met 'n oog op ons nationale film-industrie".[3] Hy het Leipoldt egter afgeraai om tonele 'n honderd persent realisties te probeer uitbeeld. Hy het gehoop om eenkeer die punt van toneelrealisme aan Leipoldt te verduidelik.[4]

Engelenburg kon nie geesdriftig raak oor die kommersiële ontwikkeling van filmmakery nie. Hy was telkens teleurgesteld wanneer hy na 'n rolprent gaan kyk het omdat dit, volgens hom, minderwaardig was. Die laaste keer toe hy na 'n rolprent gaan kyk het, was dit "... uit pure nuuskierigheid om 'n sprekende rolprent te sien en te hoor". Tog het hy die potensiaal daarvan ingesien. Ofskoon die gevoerde gesprekke voortdurend uit wanklanke bestaan het, het die kunsmatige spraakgeluide tog gelyktydig met die beelde op die doek plaasgevind. Hy het gemeen dat die maak van films nog vervolmaak moes word en dat dit nie lank sou wees voordat dit vir die samelewing diensbaar sou wees nie.[5] Min het hy vermoed van die omvangryke rol wat hierdie kommunikasiegenre in die toekoms sou speel. Engelenburg was duidelik ook nog blind vir die kunswaarde van film.

---

1 Kanselier Oppenheimer Dokumentasiesentrum (KOD), Universiteit Kaapstad (UK), C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 02.09.1929.

2 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 02.04.1928.

3 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BCA 69 O(b)5, F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, datum onbekend.

4 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BCA 69 O(b)5, F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, datum onbekend.

5 Redaksionele kommentaar, "Praatfilms en geskiedenis", *Die Volkstem*, 29.07.1929.

Op 28 Augustus 1931 is die Akademieraad op uitnodiging van meneer Joseph Albrecht,[6] bestuurder van die filmateljee by Killarney in Johannesburg, na die rolprentateljee uitgenooi om kennis te maak met die produksie van ŉ klankfilm, *Die wagkamer*. Onder diegene wat die "premiére" bygewoon het, was F.E.T. Krause, S.P. Engelbrecht, T.H. le Roux (ondervoorsitter), F.V. Engelenburg (voorsitter), J. de V. Roos, ene Scheepers en ŉ paar Afrikaanse joernaliste. Die Akademieraad is ná afloop van die vertoning deur die ateljee rondgelei en in die "geheime" van filmtegniek ingewy sodat hulle kon sien hoe ŉ "geluidsfilm" ontstaan.[7] In dieselfde jaar het die SA Akademie ŉ erepenning vir rolprentkuns (die eerste in dié genre) toegeken aan J.F.W. Grosskopf, wat die draaiboek geskryf het, Joseph Albrecht (regisseur), en die akteurs Stephanie Faure, Joan du Toit, J. Plaat-Stultjes, Carl Richter en Pierre de Wet vir die eerste Afrikaanse klankfilm *Moedertjie*.[8]

Europa was Suid-Afrika op tegnologiese gebied ver vooruit. Suid-Afrika het nog geëksperimenteer met die vervaardiging van ŉ rolprent met klank,[9] terwyl Europa in 1929/1930 reeds met eksperimentele televisie-uitsendings begin het.[10] Die eerste eksperimente in Nederland het in 1930 plaasgevind. Televisiepionier Erik de Vries, in diens van die wetenskaplike laboratorium van Philips in Nederland, het die eerste sender gebou en daarmee geëksperimenteer. Die eerste uitsending het plaasgevind uit die Amsterdam Carlton Hotel.[11] Engelenburg se broerskind Willem het deur die jare kontak met sy oom behou. In 1930 het hy aan Engelenburg ŉ verjaardagwens gestuur en hom onder andere op die hoogte gebring in verband met die tegnologiese ontwikkelinge in Nederland en die eksperimentele TV-

---

6 Killarney Film Studio is gestig en befonds deur die Amerikaner I.W. Schlesinger. Hy het African Film Productions tot stand gebring, wat in 1913 begin het met die verfilming van die weeklikse nuusreeks *African Mirror*. Hy het Joseph Albrecht uit Brittanje laat kom om *African Mirror* te bestuur. Albrecht het later bestuurder van Killarney Film Studio geword (Anon., "Killarney Film Studio" by http://en.wikipedia.org/wiki/killarney_film_studio [geraadpleeg op 03.02.2015]).

7 Anon., "Die Akademie-Raad mobiel. ŉ Afrikaanse geluidsfilm", *Die Volkstem*, 29.08.1931.

8 Anon., "Die Akademiepryse 1909-2009: ŉ eeu van uitnemendheid", p. 48.

9 Anon., "Die Akademie-Raad mobiel. ŉ Afrikaanse geluidsfilm", *Die Volkstem*, 29.08.1931.

10 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg, Utrecht – F.V. Engelenburg, 23.02.1930.

11 Anon., "History of Dutch television" by http://en.wikipedia.org/wiki/history-of-Dutch-television (geraadpleeg op 03.02.2015).

uitsendings[12] wat die firma Philips uitgevoer het. Televisie-uitsendings in Suid-Afrika sou eers 46 jaar later volg. Eksperimentele uitsendings in die groot stede in Suid-Afrika het op 5 Mei 1975 begin en ŉ landwye diens op 5 Januarie 1976.[13]

Willem het ook aan Engelenburg geskryf dat telefoondienste in Amsterdam daardie Februarie in 1930 volledig outomaties sou word wanneer dit, soos ook Utrecht en Haarlem, by die Ryksnet sou aansluit. 40 000 Amsterdammers en ŉ ewe groot aantal aansluitings van omliggende dorpe sou self deur middel van ŉ nommerskyf kon skakel wie hulle wou. Burgemeester De Vlugt van Amsterdam sou, na wat Willem gehoor het, die eerste gesprek met sy ampsgenoot in Utrecht voer. "Naar verwacht wordt zal alles 'gesmeerd' loopen".[14]

**Engelenburg skryf oor Suid-Afrikaanse helde**

Afgesien van sy joernalistieke werk, het Engelenburg self ook sy pen ŉ paar maal op papier gewaag, byvoorbeeld sy boekie oor die Engelenburg-familie in 1925, asook die twee werke oor president Paul Kruger wat in 1904 en 1925 verskyn het. Die inisiatief van die Akademie om ŉ eeufees ter viering van president Paul Kruger se geboortedag in 1925 te organiseer het van Engelenburg gekom en die reëlings vir die gebeurtenis het onder sy ywerige leiding plaasgevind.[15] Persone wat nog nie lede van die Akademie was nie, maar wat verdienstelik was en ŉ groot bydrae tot die eeufees kon lewer, is genader om lede te word. Kolonel Deneys Reitz (1882-1944)[16] en professor S.P. Engelbrecht (1891-1977)[17] is persoonlik deur Engelenburg genader. Engelbrecht het dadelik ingestem om lid te word, maar Reitz het kritiek teen die

---

12 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg, Utrecht – F.V. Engelenburg, 23.02.1930.

13 Anon., "First official TV broadcast in South-Africa in 1976 – Eerste SAUK TV-uitsending in 1976" (gelaai op 6 September 2009) by http://www.youtube.com (geraadpleeg op 01.03.2015).

14 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg, Utrecht – F.V. Engelenburg, 23.02.1930.

15 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 9, F.V. Engelenburg – S.P. Engelbrecht, 26.02.1924.

16 Deneys Reitz was ŉ seun van president F.W. Reitz. Hy was kabinetsminister, skrywer en soldaat. Kyk A.J. Lamont Smith, "Reitz, Deneys" in W.J. de Kock (red.) *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, pp. 700-701.

17 Stephanus Petrus Engelbrecht was ŉ teoloog, kerkhistorikus en leier in die Nederduits Hervormde Kerk. Kyk A.D. Pont, "Engelbrecht, Stephanus Petrus" in C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, pp. 257-258.

Akademie uitgespreek. Laasgenoemde was ŉ ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Party en van generaal Smuts. Hy het ook baie Engelse vriende gehad en het verkies om sy joernalistiek in Engels te beoefen. Hy was ten gunste daarvan dat die Afrikaanse deel van die gemeenskap met die Engelse saamsmelt.[18] Reitz het kennis geneem van die groot bydrae wat die Akademie reeds gelewer het ten opsigte van die bevordering van Afrikaans en het erken dat dit wel waar kon wees dat die Akademie in talle rigtings nuttige funksies verrig het. Hy het egter gemeen dat die Akademie se primêre doel was om op kunsmatige wyse die Afrikaanse taal te probeer opbou. Hy het weinig geloof daarin gehad dat Afrikaans op so ŉ wyse kon ontwikkel.[19] Hy het lidmaatskap dus van die hand gewys.

As regstreekse bydrae tot die Kruger-viering het in 1925 twee boeke in opdrag van die Akademie verskyn, naamlik *Paul Kruger's amptelike briewe, 1851-1877* deur S.P. Engelbrecht[20] en *Paul Kruger, die volksman* deur J.P. la Grange Lombard.[21] ŉ Verdere opdrag van die Akademie en "... aangesien hy oor veel materiaal beskik en die voorreg gehad 't om Kruger van nabij te ken"[22] was die populêre boekie wat uit die pen van Engelenburg verskyn het met die titel *ŉ Onbekende Paul Kruger: sy bedrywigheid as boerende boer, briewe-skrywer, gelowige, finansier, veldkornet, jagter, kommandant, koors-lyer, staats-burger.*[23] Daarvoor het hy heelwat argivale navorsing gedoen.[24] Verder het Engelenburg dieselfde firma in Utrecht met wie hy in 1904 onderhandel het om die *Volksstem*-medalje ter ere van Kruger ten tyde van sy begrafnis te maak, genader om die stempel aan die Akademie beskikbaar te stel om eeufeesmedaljes te laat maak.[25] Meneer Wienecke, die kunstenaar wat die stempel in 1904 ontwerp het,[26] wou dit egter nie

18 A.J. Lamont Smith, "Reitz, Deneys" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, pp. 700-701.

19 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 8, D. Reitz – F.V. Engelenburg, 29.02.1924.

20 S.P. Engelbrecht, *Paul Kruger's amptelike briewe, 1851-1877* (Volkstem-Drukkerij, Pretoria, 1925).

21 J.P. la Grange Lombard, *Paul Kruger, die volksman* (Van Schaik, Pretoria, 1925).

22 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 10, Notule van die Akademieraad, 3 September 1924.

23 F.V. Engelenburg, *ŉ Onbekende Paul Kruger: sy bedrywigheid as boerende boer, briewe-skrywer, gelowige, finansier, veldkornet, jagter, kommandant, koors-lyer, staats-burger* (Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1925).

24 Notule van die Jaarvergadering van die S.A. Akademie op 16 April 1924 in *Bulletin* (van die SA Akademie), 10(1), pp. 2-3.

25 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 11, Notule van die Akademieraad, 09.02.1925.

26 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 11, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 15.04.1925.

afstaan nie.[27] 'n Nuwe stempel is daarna gemaak en die medalje is deur die goud- en silwersmede Gerritsen en Van Kempen te Zeist in Nederland gemaak. *De Volkstem* het self ook medaljes uitgegee. Op inisiatief van Engelenburg het die Akademie in dieselfde jaar by die regering aangedring om die Krugerhuis in Kerkstraat, Pretoria, aan te koop en as museum in te rig.[28] Die Krugerhuis is op 6 April 1936 tot gedenkwaardigheid verklaar.[29]

Agt jaar ná generaal Louis Botha se afsterwe het Engelenburg Leyds meegedeel dat hy besig was om 'n biografie oor generaal Botha te skryf.[30] Weens Louis Botha se omstrede versoeningsbeleid met die Engelse so kort ná die Anglo Boereoorlog was Botha onder 'n groot deel van die Afrikaner-bevolking nie baie gewild nie. Ná Botha se dood het Engelenburg deur middel van 'n biografiese studie Botha se politieke beleid probeer verduidelik en verdedig. Engelenburg het die omstandighede waaronder Botha gefunksioneer het, besonder goed geken. Hy was nie van plan om 'n partypamflet te skryf nie, maar eerder "iets van moontlike blywende waarde".[31] Sy doel met die boek was om momente te boek te stel wat Botha se karakter uitgebeeld het en wat nie in amptelike dokumente vir die nageslag bewaar is nie.[32] Hy het ook daarin 'n stuk geskryf oor die periode 1902 tot 1907. Engelenburg was van mening dat

> [e]r geen reden meer (is) voor geheimzinnigheid, niewaar? 't Is beter dat *ik*[33] over dit punt iets toon-aangevends schrijf dan dat, als wij allen dood zijn, een of ander beunhaas met 'geleerden' onwaarheid komt aandragen![34]

As joernalis het Engelenburg gedurende kritieke tye in die Afrikaner se geskiedenis daagliks in aanraking met die generaal gekom en daardeur indrukke gekry wat waardevol sou wees vir wie, volgens Engelenburg, 'n juiste beeld wou kry van die politieke geskiedenis van die wordingsjare van die Unie van Suid-Afrika. Deur uittreksels uit briewe, optekening van gesprekke en

---

27 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 11, Notule van die Akademieraad, 26.06.1925.

28 F.C.L. Bosman, "Geskiedkundige oorsig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns" in T.E.W. Schumann et al., *Feesalbum 1909-1959*, p. 135.

29 Anon., *Lys van verklaarde nasionale gedenkwaardighede – List of declared national monuments*, p. 4.

30 Nationaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 28.02.1927.

31 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 28.02.1927.

32 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 29.05.1927.

33 In die oorspronklike teks is 'ik' nie kursief nie, maar is dit onderstreep.

34 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 28.02.1927.




Illustrasie 101: Medaljes wat laat maak is ter viering van president Paul Kruger se 100e geboortedag in 1825. Bron: Nationale Archief, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, band 1180.



Dr. Leyds oor Paul Kruger.

# De Volkstem

SOUT.

SOUT.

J. Merryweather & Sons.

MANGOLD BROS. LTD.

Illustrasie 102: *De Volkstem* het in 1925 in twee agtereenvolgende dae uitgawes (Vrydag 9 en Maandag 13 Oktober) 'n spesiale bylae oor pres. Paul Kruger uitgegee ter herdenking van sy geboorte 'n eeu vantevore.




Illustrasie 103: Aandenkingsmedaljes ter viering van president Paul Kruger se 100ste geboortedag in 1825 wat deur *De Volkstem* uitgegee is. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Engelenburgversameling.

herinneringe het hy ŉ kykie agter die skerms gegee, en die leser in staat gestel om te begryp watter motiewe tot politieke aksie gelei het.[35] In die voorwoord het Engelenburg verklaar dat daar min persone was wat ŉ juiste perspektief kon vind ten opsigte van die beoordeling van Botha se prestasie. "Ek kan nie loskom van my agting, my bewondering vir Botha nie!"[36] Dit spreek dus vanself dat Engelenburg se uiteensetting van die konflik Steyn-Botha, en Hertzog-Botha partydig was en deur latere geskiedskrywers in ŉ meer objektiewe lig gestel sou word.[37]

Engelenburg het die manuskrip eers vir kommentaar aan Leyds gestuur. Leyds het ŉ paar regstellings gemaak en ŉ paar onjuisthede uitgewys.[38] Engelenburg het die manuskrip daarna ook aan Louis Leipoldt gestuur vir sy mening. Leipoldt se kommentaar was dat die skryfstyl uiters geskik was om die belangstelling van die lesers te boei. Die inhoud was ook veel interessanter as dié van enige ander boek oor Botha wat tot daardie datum verskyn het.[39] Ná publikasie het die *Johannesburg Star* die boek beskou as ŉ belangrike bydrae tot Suid-Afrikaanse biografie en ook tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis.[40]

Engelenburg se biografie oor Botha en sy politieke beleid, dus die Suid-Afrikaanse Party se beleid, is in 1928 gepubliseer, juis gedurende die tyd wat dié party met sy veldtog vir die 1929-verkiesing besig was. Die boek is wyd bekendgestel en sou beslis ook die aandag van lede van die opposisiepartye getrek het. Engelenburg het aan ŉ paar vriende elk ŉ getekende eksemplaar gestuur, asook aan belangstellende vriende en instansies in Europa, onder andere die Algemeen Nederlandsch Verbond in Den Haag, wat dit baie waardeer het.[41] Engelenburg het aan Leyds geskryf dat die boek eers in Afrikaans sou verskyn en daarna in Engels. Nathan Levi, voorheen

---

35 P.C. Schoonees, *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging*, p. 569.
36 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. i en ii.
37 P.C. Schoonees, *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging*, p. 569.
38 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 24.08.1927 en 19.10.1927.
39 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 02.04.1928.
40 Anon., "A charming book. Dr. Engelenburg's life of general Botha", *Johannesburg Star*, 25.05.1928.
41 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling. Briewe aan vriende en kennisse wat saam met die boek aan hulle gestuur is.

aan *De Volkstem* verbonde, het die werk in Engels vertaal.[42] Engelenburg het besluit om die boek nie in Nederlands uit te gee nie:

> Ik vrees dat de Nederlandse onverschilligheid voor Botha – om geen ander woord te noemen – geen Nederlandse uitgaaf rechtvaardigt. Of hoe?[43]

J. Visscher wou byvoorbeeld ŉ artikel oor generaal Botha met ŉ beledigende strekking in die NZAV se maandblad plaas, maar dit is deur H. Kiewiet de Jonge afgekeur vir plasing.[44]

By ontvangs van die biografie het Leipoldt geskryf dat dit ŉ geslaagde stuk werk was. Die betreklik goedkoop verkoopsprys het dit binne die bereik van die algemene publiek gebring. Leipoldt het Engelenburg verseker dat daar geen lewenskets in Afrikaans was wat in die verste verte in letterkundige waarde op gelyke vlak van uitnemendheid gestel kon word nie. Hy het wel kritiek gelewer op die kort staccato styl wat Engelenburg verkies het omdat dit soms hinderlik was – veral by die hardop voorlees van die werk. Die kort maar saaklike beskrywings het wel Leipoldt se vakkundige aandag verdien.[45] Behalwe ŉ paar punte in die boek waarmee Leipoldt van Engelenburg verskil het, het hy dit as ŉ interessante en leeswaardige werk beskou wat ŉ aanwins vir die Afrikaanse literatuur was.[46] Tien dae later het Leipoldt per brief Engelenburg se aandag gevestig op sy resensie van die boek in die *Times*. Leipoldt het in dieselfde brief gal gebraak oor mede-Afrikaners en in hierdie geval C.J. Langenhoven:

> Dink tog nie dat ek aan daardie méprisable arrogansie-inferioriteits kompleks[47] ly wat niks anders as goeds en volmaaks in die Afrikaner en in hom alleen kan sien nie. ... Nog vandag verskyn daar ŉ ‘vertaling’ van Langenhoven in Die Burger van Greys (sic.) Elegy[48] wat ŉ aandoenlike bewys is van hoe sleg die kerel (sic.) Engels verstaan; dit word, a la Langenhoven, voorgegaan deur ŉ dedicatio[49] in Latyn waarvan die Latyn so vrot is dat dit

---

42 F.R. Metrowich, “Levi, Nathan” in D.W. Krüger & C.J. Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, p. 527.

43 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, Den Haag, 23.11.1927.

44 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 52, H.J. Kiewiet de Jonge – J. Visscher, 16.09.1919.

45 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 19.05.1928.

46 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 19.05.1928.

47 “méprisable arrogansie-inferioriteits kompleks” – veragtelike aanmatigende minderwaardigheidskompleks.

48 Thomas Gray (1716-1771) was ŉ Engelse digter en professor aan die Universiteit van Cambridge. Hy is wyd bekend vir sy “Elegy written in a country churchyard”, wat in 1751 gepubliseer is.

49 “dedicatio” – seremoniële inleiding.

> selfs ŉ kerkvader se hare sal laat rys hoër as ons karoheuweltjies – en hy publiseer dit, wragtig, met blykbaar welgevalle as iets waaroor hy en ons hoogmoedig kan wees.[50]

Leipoldt het groot vertroue in Engelenburg gehad en het geweet dat wat hy ook al in die brief geskryf het, vertroulik sou bly.[51]

**Engelenburg se belangstelling in antropologie en argeologie**

Op 30 November 1926 het Engelenburg ŉ artikel in *De Volkstem* geplaas in verband met ŉ merkwaardige ontdekking wat in Frankryk gemaak is, en wat veral in antropologiese kringe groot opslae gemaak het. Enkele meter onder die grond, in ŉ massiewe kleilaag, is ŉ omvangryke aantal voorwerpe uit die Neolitiese periode te voorskyn gehaal, waarvan die vervaardiging 6 000 jaar tevore gedateer is. Behalwe die gewone voorwerpe van ivoor, vuursteen, been en ander materiaal, is daar ook talle stukke ruwe keramiek gevind, voorsien van ingegrifte tekens, wat deur kenners beskou is as behorende tot die eerste tekens van ŉ alfabet, soos geleidelik deur die volke wat rondom die Middellandse See gewoon het, ontwikkel is. Ook is ŉ paar dosyn keramiekvase gevind, wat onder matige hitte verhard is en versierings bevat het van die boonste gedeelte van die menslike skedel. Laasgenoemde voorwerpe het ŉ aansienlike mate van kunssin verraai. Engelenburg het gemeen dat die vaas, as ŉ sieraad, sowel binnensmuurs in paleise, as in die ope lug in parke en tuine, nog altyd ŉ groot rol gespeel het, ook in die hedendaagse dekoratiewe kuns. Dit is gewoonlik uit marmer, graniet, albas, porselein, terra-cotta, malagiet en metaal gemaak. Die brons-tempelvase uit die Chinese oudheid was tereg beroemd onder connoisseurs. Om ŉ elegante vaas te kon voortbring, moes jy ŉ hoogstaande kunstenaar wees! Te Versailles en in die Tuilerieë[52] het pragstukke gestaan; en in die winterpaleis in St. Petersburg wat voorheen deur Russiese keisers bewoon is, asook in die

---

[50] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 29.05.1928.

[51] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 29.05.1928.

[52] Die Tuilerieë is ŉ paleis in Parys, wat in 1564 op las van Catharina de Medici gebou is.

Hermitage Museum in dieselfde stad – om van menige ander museums nie te praat nie – het Engelenburg soortgelyke seldsame en kosbare vase gesien.[53]

Fanie Eloff, ŉ kleinseun van Paul Kruger, het as beeldhouer in 1926 in Frankryk gewoon. ŉ Jaar tevore was hy op ŉ kort besoek in Pretoria. Hy en Engelenburg het ŉ paar keer in dié tyd ontmoet. By een so ŉ ontmoeting het hulle langs die Uniegebou verbygeloop en probeer om ŉ voorstelling te maak van hoe die amfiteater sou lyk as dit ŉ bietjie "aangekleë" was. Die vonds in Frankryk het Engelenburg laat dink en hy het aan Eloff voorgestel dat dié ŉ paar vase ontwerp wat tipies vir Suid-Afrika sou wees. Engelenburg het besef dat beeldhouers ŉ voorliefde gehad het vir Apollo's en biddende nimfe, maar hy het gemeen dat dit nie in Suid-Afrika, en veral nie by die Uniegebou tuisgehoort het nie.[54] Behalwe as versiering vir die Uniegebou het Engelenburg moontlik geredeneer dat navorsers ŉ paar eeue later sal kon sien tot watter vlak die 20ste eeuse kuns in Suid-Afrika ontwikkel het.

Eloff het belowe om oor die voorstel na te dink. ŉ Klompie maande daarna het hy uit Frankryk aan Engelenburg ŉ paar foto's van ontwerpe gestuur en geskryf dat hy nagedink het oor Engelenburg se wenk om vase, soos dié van die Tuilerieë, maar met Suid-Afrikaanse motiewe te versier. Eloff het egter tot die gevolgtrekking gekom dat daardie vase ŉ uitdrukking van die Franse beskawing was en dus moeilik sou kon dien as ŉ basis vir Suid-Afrikaanse ontwerpe. Dierehoofde en blomversierings sou aangepas moes word om by Suid-Afrika se eenvoudiger argitektuur aan te sluit. Eloff het gereken dat die "kafferpot" (sic) beter sou dien as basis en dat dit met Suid-Afrikaanse motiewe versier kon word. Die ontwerp wat hy aan Engelenburg gestuur het, was ŉ groot vaas wat gerus het op ŉ drietal koppe van ŉ swartwitpens met die sestal horings wat die vaas omklem.[55]

---

53 F.V. Engelenburg, "Sarel Eloff se vaas. ŉ Interessante model", *De Volkstem,* 30.11.1926. In die Engelenburgversameling in Engelenburghuis is ŉ koerantknipsel van dié artikel en is die naam "Sarel" telkens deurgekrap en in Engelenburg se handskrif bokant gekorrigeer met "Fanie".

54 F.V. Engelenburg, "Sarel (sic) Eloff se vaas. ŉ Interessante model", *De Volkstem,* 30.11.1926.

55 F.V. Engelenburg, "Sarel (sic) Eloff se vaas. ŉ Interessante model", *De Volkstem,* 30.11.1926.

Engelenburg het die sekretaris van die departement van openbare werke, O.W. Staten, daarna genader met die voorstel om twee bronsvase, deur Fanie Eloff ontwerp, in die amfiteater van die Uniegebou te plaas. Die departement het daartoe ingestem op voorwaarde dat een van die vase deur die publiek aangekoop word. Engelenburg het nie op hom laat wag nie en die nodige geld ingesamel. Hyself het £5.5.0 bygedra. Teen 2 April 1928 het die bedrag al op £26.5.0 te staan gekom.[56] Engelenburg het ook 'n versoek aan die SA Akademie gerig om 'n bydrae te maak. Hy wou graag die Akademie se naam op die lys van donateure sien.[57]

In 'n tweede brief aan die sekretaris van die Akademie, dr. D.B. Bosman, het Engelenburg op dieselfde dag geskryf dat hy, behalwe die £26.5.0, 'n verdere £5 van die burgemeester van Pretoria "afgebédel" het en nog £5 van die kunstenaar se suster. Moontlik sou die Akademie dit kon oorweeg om £10 by te dra. "Ons is tog Ak. Vir T.L. en *Kuns*!" In 'n nota onderaan die brief het hy gevra dat, indien die dagbestuur sou instem, Bosman per brief toestemming van die Akademieraad vra.

> Ek sukkel nou al maand na maand met hierdie affêre en is baie verlangend om dit deur te druk![58]

Op 20 April 1928 het Bosman laat weet dat die dagbestuur, hangende die goedkeuring van die raad, besluit het om die lofwaardige poging van Engelenburg te steun en 'n bedrag van £10.10.0 tot die fonds by te dra.[59] Op 7 Julie 1928 het Engelenburg 10/- aan die Akademie teruggestuur. Hy het per ongeluk in die koerant die Akademie se bydrae as £10.0.0 gepubliseer en kon dus nie méér in ontvangs neem as wat hy reeds aangekondig het nie. Aan meneer Staten by die departement van openbare werke het hy die nodige bedrag oorhandig.[60]

---

56 Anon. (waarskynlik Engelenburg), "Die Eloff-vase. Hoe die insameling vorder", *Die Volkstem*, 02.04.1928.

57 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 14, F.V. Engelenburg – D.B. Bosman, 16.04.1928.

58 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 14, F.V. Engelenburg – D.B. Bosman, 16.04.1928.

59 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 14, D.B. Bosman - F.V. Engelenburg, 20.04.1928.

60 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 14, F.V. Engelenburg - D.B. Bosman, 07.07.1928.

Ongeveer ses weke later het Engelenburg aan meneer Staten laat weet dat Fanie Eloff se vase binne enkele weke gereed sou wees vir aflewering. Engelenburg het ŉ voorstel gemaak waar die twee vase by die Uniegebou geplaas moes word. Hy het gemeen dat die amfiteater die beste plek was en dat dit geplaas moes word op die twee voetstukke wat die laaste en hoogste trappe omsluit het en wat lei na die kolom-opening in die middel van die semisirkel wat deel van die gebou vorm, die deel naamlik wat die oostelike en westelike vleuels met mekaar verbind. Deur die potte daar te plaas, sou dit die argitektoniese belangrikheid van die opening beklemtoon. Bowendien sou die vase minder verlate gelyk het wanneer dit gesien sou word teen die sandsteen pilare en mure as agtergrond, as wanneer dit geplaas sou word op een van die voetstukke van die baie pilare.[61]

Fanie Eloff se eerste probeerslag om die vase te maak, het nie geslaag nie. Iets het fout gegaan met die vervaardigingsproses. Eers byna ŉ jaar later, op 24 September 1929, kon Eloff ŉ paar foto's van sy tweede poging stuur. Engelenburg het aan die sekretaris van openbare werke voorgestel dat die vase aanvaar word omdat dit goed sou inpas in die amfiteater.[62] Dit is toe by Eloff bestel en staan nog op hulle plek by die Uniegebou.

Engelenburg het graag plaaslike kunstenaars ondersteun. Teen die einde van 1926 het hy die Pretoriase Skou besoek en by ŉ stalletjie van "The Ceramic Studio" ŉ blou-groen-pers keramiekpot bestel. Die pottebakkers was G.C. Short en J. Methley en hulle ateljee was by Olifantsfontein tussen Pretoria en Johannesburg. Die pottebakkers het maande lank probeer om ŉ besonderse pot te vervaardig en uiteindelik het Short in Maart 1927 aan Engelenburg geskryf dat hulle ŉ groot pot in bleek blou en jade met donker jade voltooi het. Die pers kleur wat Engelenburg ook daarin wou hê, het egter ontbreek. Die prys was £3.15.0.[63] Engelenburg het besluit om wel die pot te neem en sonder om dit vooraf te sien, ŉ tjek van £4.0.0, wat

61 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, sublêer 11, F.V. Engelenburg – O.W. Staten, 25.08.1928.

62 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, sublêer 11, F.V. Engelenburg – O.W. Staten, 24.09. 1929.

63 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, sublêer 11, G.C. Short – F.V. Engelenburg, 03.03.1927.

versendingkoste ingesluit het, na die ateljee gestuur met die versoek dat dit verpak en per spoor na Pretoria gestuur word.[64] Die pot staan vandag steeds in Engelenburghuis.

In 1928 het Leo Frobenius (1873-1938) beplan om saam met agt spesialis-vakkundiges argeologiese opgrawings in Afrika te doen. In die geselskap was ongeveer 250 bagasiedraers. Frobenius se eerste (mislukte) versoek om vrye spoorwegvervoer vir homself, die lede van die ekspedisie en hulle bagasie is deur die Duitse ministerie vir buitelandse sake via die Duitse konsulaat in Pretoria gedoen. Dit het Engelenburg dadelik aangegryp om hierdie wêreldbekende argeoloog van hulp te wees. Frobenius, wat in daardie stadium hoogleraar by die Instituut vir Kultuur-morfologie in Frankfurt, Duitsland, was, het 'n groot naam verwerf deur sy paleontologiese en etnologiese studies oor Afrika. Sy ondersoeke oor Atlantis, die legendariese stad onder die see, was wyd bekend en sy mening oor rotskuns en ander oorblyfsels van vergange beskawings was gesaghebbend. Engelenburg het Frobenius se posisie aan die sekretaris van binnelandse sake in Pretoria verduidelik. Die sukses van die Duitse wetenskaplike se werk sou afhang oor hoe beweeglik hy en sy span was. Die onkoste van sy navorsingsreis was groot en sy projek sou grootliks afgehang van die regering se bystand met vervoer. Engelenburg het die meriete van die versoek ingesien en het 'n sterk saak daarvoor uitgemaak. Hy het sy beskeie advies gegee oor die waarde wat Frobenius se navorsing vir die Unie van Suid-Afrika ingehou het. Frobenius se buitengewone kennis op die gebied van die prehistoriese en hedendaagse Afrika-kultuur en wat deur sy voorgenome reis verdere resultate sou oplewer, sou van praktiese nut wees vir Suid-Afrika, waar die "inboorling-probleem" 'n brandende vraagstuk was, afgesien van die suiwer wetenskaplike aspek van sy moontlike ontdekkinge.[65]

Wat die Duitse ministerie nie kon regkry nie, het Engelenburg met sy pleidooi vermag. Frobenius en sy span is toestemming verleen om tydens hulle ondersoeke vrye spoorwegvervoer in Suid-Afrika te geniet en hulle het ook finansiële bystand verkry. 'n Jaar nadat Frobenius in Suid-Afrika werksaam was en reeds £12 000 gebruik het, het hy Engelenburg gevra om die

64 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 3, sublêer 11, G.C. Short – F.V. Engelenburg, 09.03.1927.

65 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Sekretaris van binnelandse sake, Pretoria, 06.09.1928.

regering te nader vir verdere finansiële bystand. Engelenburg het aan J.H. Hofmeyr, die administrateur van Transvaal, die situasie verduidelik, maar Hofmeyr was nie hiervoor te vinde nie. Hofmeyr het gemeen dat Frobenius nie die konvensionele tipe geleerde was nie en dat wetenskaplikes nie baie gunstig oor sy werk gepraat het nie. Daar is beweer dat hy as ondersoeker nie betroubaar was nie en dat sy gevolgtrekkings baie verder gegaan het as wat die beskikbare getuienis hom geoorloof het.[66] Dit was wel waar dat Frobenius gespekuleer het oor oergeskiedenis, wat maangodinne, mistieke getalle en die verlore kontinent van Atlantis ingesluit het.[67]

Engelenburg was teleurgesteld deur Hofmeyr se houding. Hy het ook die Suid-Afrikaanse wetenskaplikes verwyt omdat hulle nie tegemoetkomend en waarderend was wanneer dit by "outsiders" gekom het nie. Toe Frobenius sy verskyning maak en verblydende inisiatief getoon het, is hy verwerp met die argument dat hy niks minder, maar ook niks méér was as ŉ voortreflike joernalis nie![68]

Op 2 September 1929 het Engelenburg ŉ artikel in *Die Volkstem* geplaas waarin hy die wetenskaplike meriete van Frobenius probeer verduidelik het. Oor die feit dat Frobenius nie ŉ tipiese konvensionele wetenskaplike was nie, het Engelenburg gevra of daar ŉ maatstaf bestaan het waarmee die wetenskaplike waarde van ŉ geleerde se werk en die omvang of diepte van sy kennis bepaal kon word, of daar kenmerkende hoedanighede was, byvoorbeeld die aanwesigheid of afwesigheid wat ŉ man of vrou belet het om ooit as werklik "geleerd" opgeneem te word in die eksklusiewe sfere van akademies en universiteite.

> Waar is die grens tussen ŉ amateur en ŉ 'savant'? En tussen ŉ 'savant' en ŉ outoriteit op wetenskaplike gebied?[69]

---

66 Redaksionele kommentaar, "Dr. Leo Frobenius. Sy wetenskaplike meriete", *Die Volkstem*, 02.09.1929.

67 S. Marchand, "Leo Frobenius and the Revolt against the West" in *Journal of Contemporary History*, 32(2), April 1997, p. 153.

68 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – J.H. Hofmeyr, 03.09.1929.

69 Redaksionele kommentaar, "Dr. Leo Frobenius. Sy wetenskaplike meriete", *Die Volkstem*, 02.09.1929.

Engelenburg het geweet dat daar wel ook mense was wat positief oor Frobenius se werk was, onder andere die minister van lande, P.G.W. Grobler (1873-1946), die minister van spoorweë en hawens, Oswald Pirow (1890-1959), en andere. Hy het die regering regstreeks gevra om Frobenius finansieel van hulp te wees deur ŉ versameling van 800 reproduksies van "Boesmantekeninge" en ander vondse by Frobenius vir £7 200 oor te neem. Alles sou egter afhang van die minister van finansies, N.C. Havenga (1882-1957). Engelenburg het regter Jacob de Villiers versoek om ŉ aanmoedigende woordjie tot minister Havenga te rig. Hy het gemeen dat regter De Villiers, as voorsitter van die Monumentekommissie – afgesien van sy persoonlike invloed – die bewaker van die land se Skatkis makliker as enige ander persoon sou kon oortuig van die openbare belang om Frobenius se vrugdraende inisiatief ten volle te benut.[70] Regter De Villiers was Frobenius ook goedgesind, en het uit die Appèlhof in Bloemfontein geskryf dat hy graag aan die versoek sou voldoen, maar dat hy ondervinding gehad het van minister Havenga se werkwyse. Hy het ŉ vuis van graniet gehad wat die staatsbeurs betref.[71]

Regter De Villiers het aangebied om die situasie aan R.J. van Reenen, ook ŉ lid van die Monumentekommissie en woonagtig in Pretoria, te verduidelik en dat dié dan die minister namens die kommissie moes adviseer.[72] Reenen van Reenen (1884-1935) het ŉ belangrike vroeë boek oor San-kultuur[73] geskryf en hy was die eerste navorser oor San-rotskuns wat presiese aftreksels in San-rotskunsterreine in die Oranje-Vrystaat gemaak het. Hy het ook voor 1920 uitstekende veldstudies gedoen met sy dokumentering van rotskunsterreine in die Vrystaat. Hy was een van die min vroeëre Afrikaner-pioniers wat die intelligensie van San-skilders en hulle gebruike gerespekteer en hulle artistieke vermoëns waardeer het.[74] Hy was dus die aangewese persoon om Frobenius se saak by die minister van finansies te stel. Frobenius het die gevraagde hulp van die Suid-Afrikaanse regering ontvang en kon sy navorsing in Suid-Afrika voltooi. In

70 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – regter J. de Villiers, 03.09.1929.

71 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Jacob de Villiers, Bloemfontein – F.V. Engelenburg, Pretoria, 20.09.1929.

72 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Jacob de Villiers, Bloemfontein – F.V. Engelenburg, Pretoria, 20.09.1929.

73 R.J. van Reenen, *Iets oor die Boesmankultuur* (De Nationale Pers Beperk, Bloemfontein, 1920).

74 A.E. Duffey, "Reenen van Reenen's (1884-1935) attempt to change the Afrikaner's views of San rock art" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 26(1), Junie, 2012, p. 2.

Ife, Nigerië, het hy terracotta-hoofde ontdek waarvan hy replikas van klei laat maak het. Een daarvan het hy aan Engelenburg geskenk met sy handtekening agterop. Die klei-afdruk is nog in Engelenburghuis, Pretoria, te sien.

In Oktober 1930 was Frobenius terug in Duitsland en het hy Engelenburg bedank vir sy hulp en bystand om alles moontlik te maak. Uit dankbaarheid het hy die volgende gedig aan Engelenburg opgedra:

> Englein walten rings umher
> Lächeln neckisch, tanzen, singen
> Ja, - einmal sah ich sie bringen
> Eine Kiste voll und schwer.
>
> In der Kiste schliefen mollig
> Seltne Geister glasgebettet
> Wie das Schicksal sie verkettet,
> Wirkt' ihr Anblick schon recht wohlig.
>
> Und ich öffnete die Spunde
> Hei! Welch göttliche Gespenster
> Stiegen durch das Nasenfenster
> In die Schädel unsrer Runde.
>
> Und wir jubeln im Gemüte:
> Diese lieben Geister kamen
> ja von Dir! In Deinem Namen!
> Engelenburg! Symbol der Güte.[75]

In 1973, 35 jaar ná Frobenius se dood, het 'n gedenkuitgawe ter ere van sy honderdste geboortedag verskyn met die titel *Leo Frobenius 1873-1973: an anthology*, onder redaksie van

---

75 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Leo Frobenius – F.V. Engelenburg, 22.10.1930.




Illustrasie 104: Ife – Terracotta-beeld van die Frobenius-Ekspedisie 1910.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Engelenburgversameling.

Eike Haberland. In die voorwoord, geskryf deur Léopold Sédar Senghor, toe president van die Republiek Senegal, het hy Frobenius die groot Duitse etnoloog genoem en gesê dat hy verdien het dat ŉ gedenkskrif in die tweede helfte van die 20ste eeu oor hom verskyn en dat die gedenkuitgawe moes handel oor die verskyning van die Afrika-kultuur op die internasionale toneel. Niemand het, volgens Senghor, meer gedoen as Frobenius om Afrika aan die wêreld en aan die Afrikanasies self bekend te maak nie.[76] Oor Frobenius se onafhanklike denke het Senghor in sy slotparagraaf geskryf wat hy al vir dekades gesê het:

> ... the independence of the mind is an indispensable condition of all other independence. And it was Leo Frobenius who helped us to achieve it. Therefore he is still our Master.[77]

Engelenburg was dus nie verkeerd nie toe hy, ondanks die kritiek waaraan Frobenius in sy tyd blootgestel was, die waarde van die Duitse navorser ingesien het. Frobenius se onkonvensionele manier van doen het wetenskaplikes die harnas ingejaag. Engelenburg het dit as afguns gesien. Frobenius se doktorale tesis, getitel *The origins of African cultures*, is deur ŉ Duitse fakulteit verwerp. Frobenius het daarna sy rug op die universiteitswese gedraai. Hy het later wel ŉ ereprofessoraat van die Universiteit van Frankfurt ontvang, maar het nooit openbare lesings gehou nie, hoewel dié wat hulleself sy leerlinge genoem het, ŉ aansienlike aantal was.[78] Frobenius was ŉ groot versamelaar van data en artefakte. Hy wou bewys dat Afrika-mense beskaafd was, in teenstelling met die vernederende visie wat aangemoedig is deur koloniale propaganda.[79] Suid-Afrikaners met die destydse koloniale mentaliteit sou hom dus heel vreemd ervaar het. Frobenius se werk was van buitengewone waarde vir die ontluiking van Afrika-nasionalisme. Engelenburg het die unieke aard ingesien van die verinheemsing van kennis oor Afrika wat uit eksterne omgewings (soos Europa) geskep is. Engelenburg het geskryf dat Frobenius se kennis van die prehistorie uitgebreid en omvattend was; sy talent om deur te dring tot die siel van "primitiewe" en "onbeskaafde" samelewings was merkwaardig. Waar sendelinge jarelank vergeefs gewag het op tekens van kultuur by hul "kudde", het Frobenius, volgens

---

76 E. Haberland, *Leo Frobenius 1873-1973: an anthology*, p. VII.
77 E. Haberland, *Leo Frobenius 1873-1973: an anthology*, p. XIII.
78 E. Haberland, *Leo Frobenius 1873-1973: an anthology*, p. 223.
79 S. Marchand, "Leo Frobenius and the Revolt against the West" in *Journal of Contemporary History*, 32(2), April 1997, p. 153.

Engelenburg, in ŉ kort tyd daarin kon slaag om al hulle besit aan tradisie te voorskyn te haal. Die wyse waarop Frobenius die ervaring van vroeëre Afrika-beskawings ervaar het, het hom gevolgtrekkings laat maak wat vir ander deskundiges waaghalsig gelyk het.[80]

***De Volkstem* beland in stormagtige water**

Uit die volkstrominge, ontketen deur die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918), het in die tweede dekade van die twintigste eeu sterk politieke partye ontstaan, soos die Suid-Afrikaanse Party (voorafgegaan deur die Het Volk-party), die Unionisteparty, die Nasionale Party, die Verenigde Party, die Arbeidersparty en die Dominion-party. Saam met hulle is die werklike partypersorgane opgerig met die steun van die onderskeie partye. Die nuusblaaie van die groot volksperse het hoofsaaklik op hierdie wyse tot stand gekom en het ŉ onafskeidelike deel van die partypolitieke stelsel geword. Elke Afrikaanse en Nederlandse nuusblad van betekenis was ŉ erkende mondstuk van ŉ politieke party.[81] Dit sou egter verkeerd wees om die politieke party as die diktator van die pers te bestempel. In werklikheid was dit ŉ bepaalde volkstroming, soos beliggaam in ŉ gedeelte van die volk, wat die breë politieke rigting vir elke nuusblad van belang bepaal het. Indien die nuusblad wou bly voortbestaan, moes hy meer rekening hou met die stroming self as met die betrokke politieke party. Dit was dus in werklikheid die politieke strominge wat sowel die partye as die pers gelei het.[82]

Die vier koerante wat ná 31 Mei 1910 die Suid-Afrikaanse Party, wat in 1911 gestig is, ondersteun het, was *Ons Land* in Kaapstad, *De Vriend des Volks* in Bloemfontein, *De Volkstem* in Pretoria en *De Afrikaner* in Pietermaritzburg. Die breuk tussen Botha en Hertzog aan die einde van 1912 het ŉ dilemma in die geledere van die vier koerante veroorsaak. *De Afrikaner* het hom openlik aan die kant van Hertzog geskaar, terwyl die ander drie mondstukke van die Suid-Afrikaanse Party gebly het. Al vier koerante het in 1924 nog bestaan. Die jare tussen 1910 en

---

80 Redaksionele kommentaar, "Dr. Leo Frobenius. Sy wetenskaplike meriete", *Die Volkstem*, 02.09.1929.

81 J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: ŉ studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, p. 292.

82 J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: ŉ studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, p. 293.

1924 sou vir die Afrikaanse joernalistiek nogtans ŉ groot omwenteling bring. Dit was ŉ uitvloeisel van die groot worstelstryd tussen Afrikanernasionalisme en Britse imperialisme. Laasgenoemde politieke rigting kon op die onvoorwaardelike steun staatmaak van ŉ aansienlike aantal dagblaaie wat in die Unie verskyn het. Die Engelse koerante het onbeperkte kapitaalbronne tot hul beskikking gehad. Hulle was aansienlik groter in omvang, vollediger in hul verslae en omvangryker in telegrafiese en kabelgrafiese nuusdiens, en in talle opsigte deegliker van gehalte. Vir baie doeleindes was die Afrikaners wat op die hoogte van hul tyd wou bly, eenvoudig verplig om op ŉ Engelse dagblad in te teken, hoeseer hulle ook met die politiek daarvan verskil het.[83]

Die wending het in Wes-Kaapland gekom, waar Afrikaners ten minste ook oor meer kapitaal beskik het. W.A. Hofmeyr het daar die leiding geneem en vroeg in 1915 ŉ maatskappy, De Nationale Pers, gestig met die doel om ŉ dagblad onder die naam *De Burger* in Kaapstad uit te gee. Dr. D.F. Malan was die eerste hoofredakteur. *Het Volksblad*, wat in 1915 in Bloemfotein verskyn het, is in 1917 deur Nasionale Pers oorgeneem. Dit het spoedig *De Vriend des Volks* in die skadu gestel. In 1918 het Nasionale Pers ook *Die Afrikaner* in Pietermaritzburg oorgeneem. In 1915 het *Ons Vaderland* die lig gesien, wat Christelik-nasionale beginsels propageer het. Harm Oost het sedert 1916 as hoofredakteur van *Ons Vaderland* opgetree. Die kloof in die politieke beskouings van die Afrikaanse koerante was aan die einde van 1924 nog besonder groot. Dit was egter toe reeds duidelik dat die toekoms behoort het aan die koerante wat die Nasionale Party gesteun het.[84]

Die Suid-Afrikaanse Party (SAP), waarvan generaal Smuts die leier was, is in 1924 by die stembus verslaan. J.B.M. Hertzog se Nasionale Party, in alliansie met die Arbeiderparty, was nou aan bewind. Die Nasionale Party het hom tussen 1924 en 1929 ten koste van die Suid-Afrikaanse Party verder versterk. Baie lede van dié party het na die Nasionale Party oorgegaan, terwyl die meeste jongmense wat stemgeregtig was, hulle ook by die Nasionale Party gevoeg het. Die tradisionele leserspubliek was stedelinge van Transvaal wat die koerant daagliks ontvang het. Vir

---

83 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI 1910 - 1924*, pp. 63-64.
84 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI 1910 - 1924*, pp. 64-65.

die plattelandse gemeenskap het die koerant twee keer per week verskyn en hulle kon dit lees wanneer hul dorp toe gegaan het. Baie lesers het as werkers verstedelik. Met die nuwe omstandighede in die stad het hulle ander sienings van die wêreld om hulle begin kry. Die siening van hulle politiek het ook begin verander. Die leierskap van die SAP was steeds vasgevang in ŉ tipiese koloniale sindroom, wat *De Volkstem* in Afrikaans en Nederlands verwoord het. Koerantlesers het ook nie noodwendig die kosmopolitiese beeld van Engelenburg aangehang nie. Hulle het nou self eerstehands daarmee geworstel as eerstegenerasiestedelinge. Die gevolg was dat *De Volkstem* se leserstal aansienlik afgeneem het.

Die beleid van die Afrikaanse en Nederlandse nuusblaaie is deur die direksie van die maatskappy bepaal, maar die leiers van die politieke partye het in later jare sitting in die direksies gehad om daardeur eenvormigheid van beleid tussen party en nuusblad te verseker. So byvoorbeeld is generaal Jan Smuts, hoofleier van die Verenigde Party, deur Louis Esselen, hoofsekretaris van die Verenigde Party, in die direksie van die firma Wallach's Drukkers en Uitgewersmaatskappy, die uitgewers van *De Volkstem*, verteenwoordig.[85]

In dieselfde jaar dat Hertzog aan die bewind gekom het, het Preller die leisels by Engelenburg as hoofredakteur van *De Volkstem* oorgeneem. Dit was ŉ gevaarlike aanstelling, want Preller het lankal nie meer die politiek van Smuts en die Suid-Afrikaanse Party ondersteun nie, terwyl *De Volkstem* die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was. Preller se steun het by Hertzog en die Nasionale Party gelê en dit was algemene kennis. Oor Preller se aanstelling as hoofredakteur van *De Volkstem* het *Die Burger* geskryf dat daar sekere reëlings getref moes word om die voortsetting van die *De Volkstem*-tradisie by die aftrede van Engelenburg te verseker. As dit waar was dat ŉ blad gelei word deur sy hoofredakteur, waarom was dit dan nodig om reëlings te tref vir die voortsetting van die tradisie? Die hoofredakteur het die voortsetting mos gewaarborg. Was *De Volkstem* se redaksie bevrees vir afvalligheid?[86]

---

85 J.H.O. du Plessis, Die Afrikaanse pers: ŉ studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling, p. 293.

86 Anon., "Volkstem-tradiesie", *Die Burger*, 06.10.1924.

> By dr. Engelenburg was die tradiesie (sic) veilig, ook sonder 'voorsiening'. By sy opvolger nie?[87]

Soos in die vorige hoofstuk vermeld, is Charles Wallach in 1924 aangestel as bestuurder van Wallach's Drukkery in die plek van sy broer, Izaak. Engelenburg en Izaak Wallach het op ongeveer dieselfde tyd uitgetree. Ook Charles Wallach se aanstelling was nie 'n goeie besluit nie. Sedert die Wallach-maatskappy in 1905 gestig is, het die maatskappy elke jaar 'n wins getoon, in so 'n mate dat dividende jaarliks aan die aandeelhouers uitbetaal kon word. Teen die tyd dat Engelenburg by *De Volkstem* uitgetree het, het hy oor 'n tydperk van 18 jaar, sedert die maatskappy in 1905 gestig is, 'n totale bedrag van £5 500 aan dividende en bonusse ontvang bo en behalwe sy maandelikse salaris. Izaak Wallach het ook £5 500 ontvang en Charles Wallach, wat 'n minderheidsaandeel gehad het, £4 235.[88]

Charles het die pos van bestuurder nie lank beklee nie toe hy sy ontevredenheid teenoor generaal Smuts uitgespreek het oor sy minderheidsgedeelte in die verdeling van die dividende sedert 1905. Hy het geëis dat die balans wat hom toegekom het, aan hom uitbetaal word. Engelenburg en Izaak Wallach het gemeen dat dit nie minder as reg was dat Charles 'n kleiner gedeelte aan dividende en bonusse ontvang nie, omdat hy minder aandele in die besigheid gehad het. Charles het regsadvies by regter N.J. de Wet (1873-1960)[89] ingewin. De Wet het die saak met generaal Smuts bespreek en op 9 Februarie het Smuts aan Charles Wallach geskryf dat hy te hore gekom het van die onmin tussen hom en sy broer en Engelenburg. Smuts was bekommerd dat Charles onverantwoordelik sou optree en dat die hele saak in die hof sou beland. Smuts kon nie toelaat dat die saak na die howe gaan nie omdat sy verhouding met die koerant en die geheime ooreenkoms in verband met sy aandeelhouding in die ou besigheid aan die publiek bekend sou word:

---

87 Anon., "Volkstem-tradiesie", *Die Burger*, 06.10.1924.

88 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Staat opgestel deur F.V. Engelenburg op 18 Oktober 1924.

89 Regter Nicolaas Jacobus de Wet was 'n regsgeleerde, administrateur en politikus en het die politiek van Louis Botha en Jan Smuts ondersteun. Hy het van 1913 tot 1924 in die Suid-Afrikaanse Party-regering as Minister van Justisie gedien. Kyk P.G. Marais, "De Wet, Nicolaas Jacobus" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 134-136.

> The matter has for 20 years been treated as confidential and every precaution has been taken to keep them hid. Any evidence in the courts which will disclose the agreements and arrangements will be to the prejudice of the concern and must not be contemplated. I do not know whether you contemplate going to law, but this is just to warn you not to do so.[90]

Generaal Smuts het Charles versoek om, indien die saak nie op 'n vriendskaplike wyse opgelos kon word nie, liewer van 'n goedgesinde arbiter gebruik te maak aan wie die ware verhoudinge en aandeelhouding in die besigheid en die papierwerk rakende die saak bekendgemaak kon word met die oog op 'n toekenning, want

> [t]he whole matter must continue to be as confidential as possible. I am sure you will agree with me that this is the only way in which to deal with such delicate matters.[91]

Charles Wallach het generaal Smuts gerus gestel dat hy nie die saak hof toe sou neem nie, ook dat hy dit nie arbitrêr sou laat ondersoek nie. Hy wou net, noudat hy in die posisie was, regmaak wat vir so lank in sy oë verkeerd was:

> Dr. E. has always been regarded as the only power behind the throne, at least as far as this business is concerned; if that had not been so, if I had not been practically bound to submit to whatever decisions they forced on me, this matter would have been put straight years ago.[92]

Charles het regter De Wet se opinie oor die saak by die brief aan Smuts ingesluit; De Wet het naamlik geoordeel dat niks in die ooreenkoms van 1905 daarop gedui het dat die dividende nie in gelyke dele onder die direkteure verdeel moes word nie, ten spyte daarvan dat Charles Wallach minder aandele as sy broer en Engelenburg in die maatskappy besit het. Die bedrag wat Charles gemeen het hom toegekom het, was £972/10/- plus rente.[93]

90 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts, Irene – C. Wallach, 09.02.1925.
91 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts, Irene – C. Wallach, 09.02.1925.
92 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), C. Wallach – J.C. Smuts, 11.02.1925.
93 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), C. Wallach – J.C. Smuts, 11.02.1925.

Generaal Smuts was bekommerd oor Charles se houding en hy het met Engelenburg bevestig dat hy volle verantwoordelikheid sou neem vir die aandele wat aan hom en generaal Botha en ná Botha se dood aan Smuts alleen behoort het, maar wat in die name van Izaak en Charles Wallach en Engelenburg uitgereik is. Soos voorheen gemeld, het die geld wat gebruik is om die aandele te koop, voor die Anglo-Boereoorlog aan die ZAR-regering behoort. Gedurende die oorlog is die geld deur dr. Leyds in bewaring gehou sodat die Britse regering nie daarop beslag kon lê nie. Ná die oorlog het Botha en Smuts ŉ gedeelte van die ZAR-gelde gebruik om ŉ meerderheidsaandeel in *De Volkstem* te bekom. Die doel daarvan was dat die koerant die mondstuk vir die Het Volk-party en ná 1910 vir die Suid-Afrikaanse Party moes word.

Tydens die debakel met Charles Wallach kon Smuts die aandeelsertifikate nie vind nie en het gevra dat Engelenburg stappe moes doen om dit te vervang indien die oorspronklike dokumente nie opgespoor kon word nie. Smuts wou hê dat die nuwe sertifikate weer in die drie persone se name geregistreer word. Verder het hy versoek dat Engelenburg en die twee Wallachs ŉ dokument onderteken waarin hulle verklaar dat, ten spyte daarvan dat die aandele in die drie mans se name geregistreer was, dit nie aan hulle behoort het nie

> ... and are only pro forma registered in your names, and that the certificates endorsed in blank have been delivered to me. This document will serve to prevent questions arising in your estates on your death in regard to the real ownership of the shares.[94]

Engelenburg het Smuts laat weet dat die nodige maatreëls getref sou word om die betrokke aandele geleidelik deur nuwe sertifikate te vervang.

> In ons bezit is ŉ bewys van ontvangst van aandelen, d.d. 1 Mei 1905, getekent door U en door Genl. B.[95]

Engelenburg het gemeen dat dit raadsaam sou wees dat die eksekuteur van generaal Botha se boedel ŉ verklaring uitreik dat die boedel geen aanspraak op die aandele sou maak of kon maak

[94] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts – F.V. Engelenburg, 09.02.1925.

[95] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 16.02.1925.

nie. In die tussentyd sou hy die aandele soek. Dit moes êrens wees![96] Engelenburg en Izaak Wallach het die oorspronklike aandeelsertifikate toe wel opgespoor. Dit is in die kantoor van die Nederlandsche Bank van Zuid-Afrika in Pretoria in bewaring gehou. Daar was twee pakkies aandele van Wallach's Beperk, te wete 14 000 aandele namens generaal Botha en Smuts gehou en 1 600 aandele namens generaal Botha. Laasgenoemde is uitgeneem by geleentheid "ener kapitaalsuitbreiding". Die oorspronklike aantal aandele was 16 750; daar moes dus êrens nog 1 150 aandele wees. Of dit later opgespoor is, kan nie bevestig word nie. Wat Engelenburg ook by die bank ontdek het, was 'n verklaring wat Annie Botha, eggenote van generaal Botha, kort ná sy dood op 12 Oktober 1919 aan die bestuurder van die Nederlandsche Bank oorhandig het.[97] Sy het daarin verklaar dat die aandele wat namens Smuts en Botha in die bank se bewaring was, nie tot die persoonlike boedel van generaal Botha behoort het nie. Sy het afstand gedoen van enige beskikkingsreg

> ... en ik machtig u hiermede, een en ander te overhandigen aan Genl. Jan Christiaan Smuts, teneinde daarmede naar goeddunke te handelen.[98]

Oor Charles Wallach se minderheidsaandeel en die gevolglik kleiner winsuitbetaling het Engelenburg aan generaal Smuts verduidelik:

> 't Gebeurt dikwels dat partners noch 't zelfde salaris, noch 't zelfde part van profijt ontvangen. De Heer Chas. Wallach is steeds een 'junior' partner geweest, met minder verantwoordelikheid en gemakkeliker werk.[99]

Toe die salaris en wins destyds met hom bespreek is, het Charles Wallach, volgens Engelenburg, sy posisie as junior vennoot aanvaar. Engelenburg wou nie hê dat Smuts die indruk kry dat hy en Izaak Wallach destyds te "slim" was by die vasstelling van die winsverdeling nie.[100]

---

96 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 16.02.1925.

97 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 27.02.1925.

98 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Verklaring deur mev. Annie Botha, 12.10.1919.

99 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 27.02.1925.

100 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 27.02.1925.

Gedurende hierdie tyd van onderlinge struweling tussen die direkteure moes die werk by die koerantkantoor voortgaan. Preller en Leipoldt het nie goed oor die weg gekom nie en in Februarie 1925 is Leipoldt deur Preller meegedeel dat die blad sy dienste nie verder benodig het nie. Ná heelwat wik en weeg het Leipoldt om etlike redes besluit om hom in Kaapstad te vestig. Daar sou hy in die volgende aantal jare vir hom geleidelik ʼn wye werkkring verower as kinderarts, sekretaris van die Mediese Vereniging en redakteur van hulle vaktydskrif *South African Medical Journal/ Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde*, en as deeltydse lektor in pediatrie aan die Universiteit van Kaapstad, sowel as joernalis en skrywer.[101]

Nadat Leipoldt Pretoria verlaat het, het sy vriendskap met Engelenburg bly voortbestaan en hulle kontak is voortgesit, hoofsaaklik deur middel van briefwisseling. Die twee het oor ʼn wye verskeidenheid van onderwerpe met mekaar gekorrespondeer, van politiek tot plantkunde, en van geskiedkundige navorsing tot die bewegings en doen en late van vriend en vyand. Wanneer Engelenburg in Kaapstad was, het hy Leipoldt gaan opsoek en gewoonlik ʼn potjie kaart gespeel.[102] In die briewe wat hulle aan mekaar geskryf het, kleef daar, volgens J.M.H. van Aardt, ʼn sekere element van formaliteit. Leipoldt het gewoonlik sy briewe begin met "Geagte dr. Engelenburg" of "Geagte Doktor" of "Hooggeagte Dr. Engelenburg" en het hom altyd as "u" aangespreek. In die briewe wat Engelenburg aan Leipoldt geskryf het, het hy die jonger man gewoonlik aangespreek as "Beste Leipoldt" en het hy die "u" met "jy/jou" afgewissel. Die formele elemente moet dalk gesien word as ʼn ou gebruik, want die toon van hartlikheid en openhartigheid wat die briewe verder kenmerk, weerspieël ʼn opregte en diepe vriendskap.[103]

Agt maande nadat Preller en Charles Wallach die bestuur van die koerant en drukkery oorgeneem het, het *De Volkstem* se leserstal so afgeneem dat die koerant teen ʼn verlies begin werk het. Die *Volkstem*-direkteure, onder wie Engelenburg, wou die oorsaak vasstel en het die maatskappy se ouditeur versoek om die posisie van *De Volkstem* na te gaan en ook te kyk hoe die koerant weer winsgewend kon word. Die drukkery het ook nie meer na wense presteer nie. Die maatskappy se ouditeur, L. Taylor, het vasgestel dat die koerant, as een van die oudste bestaande

101 J.C. Kannemeyer, Leipoldt: ʼn lewensverhaal, pp. 500, 504, 510, 437, 442, 446 en 570.
102 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10).
103 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), Aantekeninge van J.M.H. van Aardt, ongedateer.

koerante, indien nie die oudste nie, nou ŉ sirkulasie van net 4 000 kopieë per uitgawe gehad het. Dit was dus vanselfsprekend dat die koerant onder sulke omstandighede as advertensiemedium ŉ onbetalende sakeproposisie was, ŉ oneffektiewe medium was om nuus te versprei en ŉ byna nuttelose politieke orgaan was omdat dit nie eers die klein minderheid in die platteland bereik het nie. Die ouditeur was van mening dat bogenoemde omstandighede sonder twyfel die gevolg was van onsimpatieke en onverbiddelike administrasie, wat óf nie in simpatie was met die beleid van die koerant nie óf geheel onverskillig gestaan het teenoor die belange wat op die spel was. Die blad het ook voeling verloor met sy lesers en watter waarde hulle oor die algemeen geheg het aan hoe die inhoud van so ŉ blad moes lyk. Tydens sy ondersoek het die ouditeur ook klagtes ontvang met betrekking tot die redaksionele afdeling van die koerant. Hy het aanbeveel dat die vertroue van die publiek eers teruggewen word voordat daar sprake kon wees dat die koerant sy sirkulasie sou kon verbeter. Hy het aan die hand gedoen dat die direkteure die saak bespreek. Dit was noodsaaklik dat die werking van die koerant aangepas word om die publiek se sentiment en sakemetodes in aanmerking te neem.[104] Dit wat die ouditeur bevind het, is bevestig deur J. Dodge en G. Viner, naamlik dat dit ŉ erkende feit is dat ŉ nuusblad slegs ŉ suksesvolle bestaan kan voer solank hy die steun geniet het van die bevolking aan wie hy nuus verskaf.[105] Dit het ook vir *De Volkstem* gegeld.

In ŉ verdere verslag van die ouditeure ŉ week later het dit aan die lig gekom dat Charles Wallach en Preller baie rojaal met die maatskappy se geld gewerk het – baie daarvan vir persoonlike gewin. Charles se "out of pocket expenses including subscription to various clubs, etc." is met die maatskappy se geld betaal, so ook Preller se ledegeld van die Rotary Club. Tjeks wat aan Preller uitgemaak is vir geld wat hy geleen het, is deur die maatskappy afgeskryf. Die reiskoste was uitermate hoog en die ouditeur het voorgestel dat die direkteure ŉ bedrag per maand daarvoor vasstel. Charles Wallach en Preller het selfs so ver gegaan om ontsaglike uitgawes aan te gaan vir verbeterings aan hulle kantore. Die geld wat die maatskappy daarvoor betaal het, moes eintlik deur die eienaar van die gebou betaal gewees het. Hoewel die Wallach's-

---

[104] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Ouditeursverslag, 23.06.1925.

[105] J. Dodge en G. Viner (reds.), *The practice of journalism*, p. 16.



Illustrasie 105: Gustav Preller. Bron: http://af.wikipedia.org.wiki.gustav_preller
(geraadpleeg op 15.01.2015).



Illustrasie 106: C. Louis Leipoldt. Bron: http://af.wikipedia.org.wiki.C_Louis_Leipoldt
(geraadpleeg op 15.01.2015).

maatskappy die hoofgedeelte van die geboue besit het, was daar 'n gedeelte wat hulle gehuur het. Meubels ter waarde van £1 245 is gedurende die verslagjaar aangekoop en toe die ouditeure op die saak ingaan, moes hulle ontdek dat Wallach en Preller 'n motor van £175 aangekoop het wat hulle in die boeke as meubels opgegee het. Die ouditeure het voorgestel dat daardie soort uitgawes eers deur die direkteure goedgekeur word. Charles Wallach en Preller het ook die personeel se salarisse eiehandig verhoog. Die ouditeur se kommentaar was:

> Salaries paid to the staff are too liberal. I know of no other business with such highly paid employees.[106]

Die ouditeure het gemeld dat dit moeilike tye was en dat al die ander instansies hulle werknemers se salarisse verminder en/of van hulle mense afgedank het. Hulle het voorgestel dat H. Orban aangestel word as kosteberekenaar om voortaan alle koste noukeurig op te teken. Tot tyd en wyl daar nie 'n behoorlike kostesisteem ingestel word nie – nie net met die doel om hulle van die besonderhede van die uitgawes te vergewis nie, maar ook van die korrekte produksiekoste – sou die direkteure voortgaan om in die donker te werk en sou dit nie moontlik wees om meer ekonomies te werk te gaan nie.[107]

Die ouditeure kon nie glo dat Wallach's Drukkery, waarvan die omset gedurende die verslagjaar £26 064 was, slegs 'n wins van £66 getoon het nie. Hulle het weer klem daarop gelê dat die verantwoordelike persone te rojaal met die geld omgegaan het.[108] Preller het nie daarvan gehou dat sy uitgawes voortaan gemonitor sou word nie. Behalwe dat hy nie oor goeie leierseienskappe beskik het nie en nie versigtig met die maatskappy se geldsake omgegaan het nie, het sy politieke oortuiginge ná generaal Botha se dood in 1919 in 'n ander rigting begin draai. Nadat Preller as hoofredakteur aangestel is, het hy sy kans waargeneem om sy politieke oortuiginge in *De Volkstem* weerklank te laat vind. Dit het alles daartoe gelei dat die koerant 'n beduidende aantal

---

106 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Ouditeursverslag, 30.06.1925.

107 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Ouditeursverslag, 30.06.1925.

108 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Ouditeursverslag, 30.06.1925.

lesers verloor het. Ná die verslag van die ouditeure het dit nie beter gegaan nie en het die koerant begin werk op ŉ verlies wat by die dag toegeneem het.

Skaars ŉ jaar nadat Preller as hoofredakteur aangestel is, het hy in Augustus 1925 besluit om by *De Volkstem* te bedank. In sy laaste hoofartikel, op 28 Augustus 1925, het hy ŉ lang relaas gegee van die tydperk wat hy by die koerant gewerk het en hoe die situasie mettertyd verander het. Volgens Preller is die Suid-Afrikaanse Party deur die Unionisteparty regeer, en gevolglik het dit die kwessie van hereniging met die Nasionale Party heeltemal onmoontlik gemaak. Preller kon hom geheel en al nie vereenselwig met die politiek van die bitterste vyande van Suid-Afrika, die Unioniste, nie. Gedurende sy 23 jaar in die redaksie was hy gewoond om vry en onbelemmerd aan sy sienswyse wat landsake betref, uiting te gee. Ná Preller se aanstelling as hoofredakteur van die koerant, is die organiserende sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party, Louis Esselen, ook in die direksie aangestel. Preller het beweer dat Esselen met die politiek van die blad ingemeng en aan Preller opdrag gegee het om die land te waarsku teen die Hertzog-regering. Preller moes die Hertzog-regering as rassehaters[109] bestempel en die Arbeiders moes beskou word as ŉ gevaarlike element wat die land in die afgrond sou dompel. Preller het gemeen dat hy, as ŉ eerlike Afrikaner, nie so ŉ politiek kon onderskryf en aan so ŉ opdrag gehoor kon gee nie, want in alle eerlikheid was die Hertzog-regering volgens hom hoegenaamd op geen wyse onbekwaam nie. Preller se strewe was: "My Vaderland eerste en my Party tweede". Hy het gekies om sy vaderland te dien en sy party liewer vaarwel toe te roep.[110] In dieselfde uitgawe het Preller onder die skuilnaam "Knop oor landsake" geskryf oor die redes waarom sy politieke siening deur die jare verander het. In die slotsin het hy geskryf:

> Dit is my insigte; en daarmee roep ik my talryke goeie vrinde onder die 'Volkstem'-lesers ŉ vaarwel tot weersiens toe.[111]

Deur hierdie twee artikels het Preller probeer om nog ŉ aantal *Volkstem*-lesers tot ander politieke insigte aan te spoor. Die artikels het groot opslae gemaak en die oomblik toe dit verskyn, het die

---

109 In dié jare is die Afrikaners en Engelse as verskillende rasse beskou.
110 G.S. Preller, "ŉ Woord tussen ons", *De Volkstem,* 28.08.1925.
111 G.S. Preller, "ŉ Woord tussen ons", *De Volkstem,* 28.08.1925.

redakteurs van die ander blaaie dadelik reageer om dit op 28 en 29 Augustus ook onder hulle lesers bekend te stel met die volgende opskrifte: "Volkstem-redakteur bedank. Ontevrede met S.A.P. Politiek";[112] "Mr. Preller resigns. Opposition to the policy of the S.A.P.";[113] "'Volkstem' editor resigns. Unable longer to support S.A.P. policy";[114] "Bedanking van 'Volkstem' editeur. Botha politiek niet langer gevolgd door Z.A.P. Daarom keurt hij genl. Hertzogs politiek goed";[115] en "Preller verlaat Die Volkstem. S.A.P. deur Unioniste beheer. Hulde aan genl. Hertzog".[116]

Die *Pretoria News* was ook verbaas oor Preller se skielike bedanking en die werklike redes daarvoor, terwyl *Die Volksblad* en *Die Burger* hulle aan die kant van Preller geskaar het. *Die Volksblad* het op 31 Augustus 1925 gevra dat as 'n man soos Preller nie meer kans gesien het om by die Suid-Afrikaanse Party te bly nie, hulle gewonder het hoeveel Nederlandssprekende Afrikaners daar was wat dit eerlik gemeen het met land en volk, wat hulle nog in daardie geselskap gelukkig kon voel.[117]

*Die Burger* het die vraag gestel of *De Volkstem* die enigste SAP-orgaan was waaroor die Unionistiese base so 'n dwingelandy probeer voer het.[118] Teen 1 September het die stof nog lank nie gaan lê nie en het *Ons Vaderland* 'n artikel oor die aangeleentheid geplaas onder die opskrif "Volkstem en S.A.P. ontmasker".[119] In dieselfde uitgawe het *Ons Vaderland* 'n tweede berig oor die bedanking geplaas.[120] *Ons Land* sou graag verder wou swyg oor die bedankingsartikel van Preller, maar het op 1 September besluit om tog weer van hom te laat hoor. Daarin is geskryf dat diegene wat die verloop van *De Volkstem* gevolg het sedert Engelenburg sy ervare gesag 'n jaar

---

112 Anon., "Volkstem-redakteur bedank. Ontevrede met S.A.P. Politiek", *Re-echo*, 28.08.1925.

113 Anon., "Mr. Preller resigns. Opposition to the policy of the S.A.P.", *Pretoria News*, 28.08.1925.

114 Anon., "'Volkstem' editor resigns. Unable longer to support S.A.P. policy", *Argus*, 29.08.1925.

115 Anon., "Bedanking van 'Volkstem' editeur. Botha politiek niet langer gevolgd door Z.A.P. Daarom keurt hij genl. Hertzogs politiek goed", *Ons Land*, 29.08.1925.

116 Anon., "Preller verlaat Die Volkstem. S.A.P. deur Unioniste beheer. Hulde aan genl. Hertzog", *Die Burger*, 29.08.1925.

117 Anon., "'n Geweldige slag vir die S.A.P.", *Die Volksblad*, 31.08.1925.

118 Anon., "Preller verlaat Die Volkstem. S.A.P. deur Unioniste beheer. Hulde aan genl. Hertzog", *Die Burger,* 01.09.1925.

119 Anon., "Volkstem en S.A.P. ontmasker", *Ons Vaderland*, 01.09.1925.

120 Anon., "'Knop' verlaat De Volkstem. Die SAP het nie meer 'n standpunt nie! Suid-Afrika eerste. 'n Kerngesonde Suid-Afrikaanse patriotisme", *Ons Vaderland*, 01.09.1925.

tevore aan Preller afgestaan het, dit nie as 'n wonderwerk sou reken dat Preller bedank het nie. Menige ou leser van die Pretoriase blad is leed aangedoen deur die gemis aan politieke verdraagsaamheid die afgelope tyd, waar *De Volkstem* algemeen bekend gestaan het as 'n voorbeeld van politieke verdraagsaamheid en goeie smaak.[121] Toe kom die redakteur met die versekering dat hy nie meer die Suid-Afrikaanse Party kon ondersteun nie en dat hy 'n hartlike ondersteuner van die teenparty was. Tot hiertoe was dit die gewoonte van 'n verantwoordelik redakteur, as hy nie met die politiek van sy blad saamgestem het nie, om te bedank en elders in 'n ander koerant die redes vir die stap te gee. Preller het dit egter gedoen in 'n blad waarvan hy met die hele politiek en gedragslyn verskil het.[122] Oor die sogenaamde hereniging wat die Hertzog-regering en nou ook Preller teengestaan het, het *Ons Land* geskryf dat 'n hereniging van die volk, wat werklik as fondament vir 'n breëre en hoëre politieke tradisie in die land kon dien en wat tot nut van die hele samelewing kon wees, gebaseer moes wees op iets groters en beters as blote rassehaat en rasseafguns. Dit moes gebou wees op die groot versoeningsbeweging wat generaal Botha besiel het, en nie op die krenterige kleingeestigheid van mense wat sy naam beswadder het nie.[123]

Meneer Louw Geldenhuys, 'n SAP-parlementariër van Johannesburg, het in *The Star* van 1 September 1925 geskryf dat hy al 15 jaar lank in die parlement gedien het. Die Suid-Afrikaanse Party was nooit skaam vir die wyse waarop hy met die voormalige Unioniste saamgewerk het om hulle geliefde Suid-Afrika op te bou nie. Hy het *De Volkstem* gelees sedert hy 'n kind was en was altyd lief vir die koerant, tot 'n jaar tevore, toe 'n subtiele verandering plaasgevind en die koerant spoedig nie meer die party ondersteun het soos dit veronderstel was nie. Die stelling dat die Unioniste die party regeer het, was volgens hom ver van die waarheid. Die voormalige Unioniste het nooit probeer om die doelstellings van hulle vorige party op die SAP af te smeer nie. Sedert hulle party ontbind het, het hulle lojaal met die SAP saamgewerk en het lede van dié party geword.[124]

---

121 Anon., "Bedanking van die 'Volkstem' redakteur", *Ons Land*, 01.09.1925.
122 Anon., "Bedanking van die 'Volkstem' redakteur", *Ons Land*, 01.09.1925.
123 Anon., "Bedanking van die 'Volkstem' redakteur", *Ons Land*, 01.09.1925.
124 Anon., "The Pact and Mr. Preller – Mr. Louw Geldenhuys's statement", *The Star*, 01.09.1925.

ʼn Dag nadat die gewraakte hoofartikel van Preller in *De Volkstem* verskyn het, het Engelenburg weer beheer van die redaksie van die koerant geneem. In sy hoofartikel van 29 Augustus het hy Preller se redes vir sy bedanking bevraagteken. Preller is kwalik geneem vir die wyse waarop hy bedank het. Die plotselinge afskeid wat Preller van *De Volkstem* geneem het, het ongetwyfeld as ʼn verrassing vir die publiek gekom. Die lede van die redaksie het met leedwese daarvan kennis geneem:

> Die onverwagte onderbreking van ʼn jare-lange intellektuéle samewerking met ʼn gewaardeerde kollega kan nie anders as met leedwese gedra word nie; en ons voel verdriet, noudat die paaie van die 'Volkstem'-redaksie en van meneer Preller voortaan uiteen sal loop.[125]

Engelenburg het gemeen dat die onnodig sensasionele manier waarop Preller die *Volkstem*-redaksie en die Suid-Afrikaanse Party vaarwel toegeroep het, niks anders as teleurstelling gebaar het nie. Die opset om die Suid-Afrikaanse Party en die koerant skade te berokken, was onmiskenbaar. Engelenburg het gemeen dat geeneen van die twee die wraak verdien het nie. Kort tevore het Preller nog as ʼn ywerige en doelbewuste SAP-man geparadeer en was hy heftig gekant teen die Hertzog-regering. Skielik het hy omgeswaai en Hertzog ondersteun. Dit was sy vrye reg as burger van die land, maar sy uiteensetting van hierdie transformasie was glad nie duidelik nie. Die pas bekeerde Hertzog-man se armsalige verskoning dat die Suid-Afrikaanse Party deur die Unionisteparty oorweldig is, kon nie verwag word van ʼn ervare joernalis nie, wat die gevegsterrein binne en buite die parlement so grondig leer ken het.

> Meneer Preller sal waarskynlik voortaan die Sappers gaan sleg maak dat dit so bars. Elke diertjie het sy plesiertjie, so sê die Duitsers. Dog daardie Unioniste bangmaak-argument moet hy liewer laat staan![126]

Engelenburg het hom afgevra of dit billik van Preller was om die herenigingskwessie as ʼn rookskerm te gebruik om sy oorgang van ʼn Botha-man na Hertzog-ondersteuner te verdoesel. Vir Engelenburg was dit belangriker dat die witman moes verenig om die toekoms van die oorgeërfde beskawing in Suid-Afrika te verseker.

---

125 F.V. Engelenburg, "Nog ʼn woord tussen ons", *De Volkstem*, 29.08.1925.

126 F.V. Engelenburg, "Nog ʼn woord tussen ons", *De Volkstem*, 29.08.1925.

> Daar is angswekkender dreigemente, vir die volk, dan die beweerde onwil van Genl. Smuts om opnuut oor hereniging te gaan baklei![127]

Reeds twee jaar tevore, op 8 Augustus 1923, het Engelenburg met *De Volkstem* se 50ste herdenking dit benadruk dat dié koerant uit vrye wil die Suid-Afrikaanse Party ondersteun het. Sy hoofartikel het die soet en die suur van ŉ halfeeu opgesom. Wat die koerant se politieke beleid betref, het hy dit duidelik gestel dat *De Volkstem* al die jare sedert sy oprigting gestaan het aan die kant van die gevestigde, wettige gesag – aan die kant van orde en wet. In die moeilikste dae van sy herlewing ná die Anglo-Boereoorlog het hy die rol vervul van opposisie-orgaan teenoor die militêre regime en later teenoor Milnerisme. Die koerant het egter nooit deur ŉ énkele woord ŉ gewelddadige bestryding van die gesag of die owerheid aangemoedig nie.[128]

Engelenburg het gemeen dat *De Volkstem* altyd ŉ orgaan vir die hele gemeenskap was en nie vir ŉ indiwidu, kliek, groep of faksie nie. Al het politieke verskille skade berokken aan land en volk, dan was daar altyd nog in die taal, geskiedenis en tradisie ŉ menigte sake van breër gemeenskaplike belang waaroor geen verskil ooit kon bestaan nie. *De Volkstem* het die Suid-Afrikaanse Party gesteun, nie omdat hy gedwing was of opgerig was om dit te doen nie, maar slegs omdat die koerant geheel en al saamgegaan het met die beginsels van die Party. *De Volkstem* het ook nie ander politieke partye bestry omdat hy mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was nie, maar wel omdat hy die beginsels van die ander partye as verderflik beskou het vir land en volk.[129]

ŉ Week ná Preller se openbare bedanking het Engelenburg aan hom ŉ handgeskrewe brief geskryf waarin hy gesê het dat, ná die gebeure die vorige week, *De Volkstem* tot Preller se beskikking was om in beknopte vorm sekere onduidelikhede reg te stel.

---

127 F.V. Engelenburg, "Nog ŉ woord tussen ons", *De Volkstem*, 29.08.1925.
128 F.V. Engelenburg, "ŉ Woord oor onsself. 1873-1923", *De Volkstem*, 08.08.1923.
129 F.V. Engelenburg, "ŉ Woord oor onsself. 1873-1923", *De Volkstem*, 08.08.1923.

> Maar om breedvoerige propaganda te drijven in ŉ blad dat voor andere beginselen ijvert, dan nu de uwe zijn, is te veel gevraagd van editoriale gastvrijheid, te meer omdat 't u niet aan pers-organen ontbreekt, die voor uw propaganda open staan.[130]

Die vraag ontstaan waarom Preller, ondanks sy skitterende gawes, nooit ŉ besonder goeie nuusblad kon opbou nie. Markus Viljoen het gemeen dat Preller ŉ te groot individualis was om jong manne op te lei en as 't ware ŉ skool te vorm. Hy kon nie leiding gee wat die gewone roetine betref nie; daarvoor was sy werkwyse te onmetodies. Buitendien was hy altyd oorlaai met buitewerksaamhede, sodat sy joernalistieke werk altyd vir hom ŉ noodsaaklike euwel was; ŉ taak om den brode en nie een waaraan al sy liefde en kragte gewy is nie. Preller het selde ŉ volle dag op kantoor deurgebring. Om dieselfde rede was hy nie in staat om van *Die Brandwag* ŉ sukses te maak nadat W.M.R. Malherbe die redakteurskap aan hom oorgedra het nie. Dit was vir hom ŉ bykomstigheid, nie ŉ onderneming waarvoor hy bereid was om groot opofferinge te maak nie.[131]

Dat Preller nie so suksesvol soos sy voorganger was nie, blyk ook uit ŉ berig in *Die Burger* van 7 September 1925. Onder meer is geskryf dat *De Volkstem* ŉ blad was wat in die geskiedenis van Transvaal ŉ vername rol gespeel het en dat dit, onder die bekwame en vernuftige leiding van Engelenburg, erkenning geniet het as ŉ orgaan van gesag. Dat Engelenburg, wat nie meer so jonk was nie, in 1924 die hoofredakteurskap in ander hande oorgegee het, was natuurlik, en dat die bekende skrywer Preller, wat jare lank onder Engelenburg gewerk het, daarvoor in aanmerking gekom het, het ook vanself gespreek. Dit is egter nie enigeen beskore om ŉ blad te lei met die fyn vernuf van die diplomaat-joernalis Engelenburg nie en by die beoordeling van die bekwaamheid van ŉ joernalis speel die sukses van sy blad ook ŉ rol. Nou was dit so dat *De Volkstem* ná Engelenburg se aftrede geen sukses was nie. Die ou geur, deur bekwame hande aan alle nuusberigte en politieke verslae verleen, het verdwyn en die geestige aangenaam-sarkastiese hoofartikels van ŉ meester was iets van die verlede. *De Volkstem*-maatskappy het groot belange

---

130 J.S. Gericke Biblioteek, Dokumentasiesentrum (JSGBD), Universiteit Stellenbosch (US), G.S. Prellerversameling, 51/6/25, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 05.09.1925.

131 J.M.H. Viljoen, *ŉ Joernalis vertel*, pp. 35-36.

op die spel gehad, en omdat Engelenburg oor die sukses van die blad as onderneming moes waak, het wrywing tussen Preller en Engelenburg ontstaan. Preller het ŉ grondige kennis van die geskiedenis van Suid-Afrika gehad, met groot geduld en toewyding vele historiese gegewens versamel en bewerk en hy het baie gedoen om die Afrikaanse taal te bevorder en te handhaaf. Al hierdie goeie en lofwaardige dade het hom egter nie die eienskappe gegee wat van ŉ opvolger van Engelenburg verwag is nie.[132] *Die Burger* het ook bespiegel wie Preller se opvolger sou wees. Die koerant het gemeen dat Leipoldt, wat pas ŉ praktyk in Kaapstad begin het, ŉ moontlike kandidaat was. Kolonel Deneys Reitz sou *De Volkstem* te ver uit die politieke dampkring neem en hy was in elk geval ŉ meer Engelse as Afrikaanse joernalis. Advokaat Frans Malan was waarskynlik die sterkste kandidaat,

> ... maar dat hy, as volbloed Kapenaar, in staat sal wees om die gevoelens van die blad se lesers te vertolk, is natuurlik erg onwaarskynlik.[133]

Ná Preller se bedanking het Engelenburg die leiding van die koerant van 1925 tot 1929 hervat, met Nathan Levi as plaasvervangende redakteur.[134] Preller is by die sukkelende *Ons Vaderland* as hoofredakteur aangestel.[135]

Skaars het die stof rondom Preller se bedanking gaan lê, toe die kinders van generaal Botha, ses jaar ná sy dood, begin vrae vra het oor die *Volkstem*-aandele. Hulle het in hul pa se papiere gesnuffel en op ŉ paar notas afgekom en tot die gevolgtrekking gekom dat die aandele tot hul vader se private boedel behoort het. Op 6 Oktober 1925 het die drie direkteure van Wallach's-maatskappy ŉ brief van prokureur Fred Kleyn ontvang waarin hy genoem het dat die erfgename van die boedel van generaal Louis Botha hom opdrag gegee het om te versoek dat die aandelesertifikate in die Wallach's Drukkery en Uitgewersmaatskappy wat hulle ten behoewe van wyle generaal Botha gehou het en waarvan die aandele nou die eiendom van die erfgename was, aan hulle oorhandig word. Indien dit nie binne 48 uur geskied nie, sou regstappe teen die

132 Anon., *Algemeen Handelsblad*, "Preller bedank", 07.09.1925.
133 Anon., "Moontlike opvolgers van Preller", *Die Burger*, 07.09.1925.
134 J.M.H. Viljoen, *ŉ Joernalis vertel*, p. 29.
135 L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 416.

Wallach's-maatskappy gedoen word sonder enige verdere kennisgewing.[136] Die vraag ontstaan waarom die Botha-kinders tot dan gewag het voordat hulle navraag gedoen het. Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat Preller iets van die aandele geweet het. Moontlik het Charles Wallach met Preller daaroor gepraat en het een van hulle die Botha-kinders verkeerdelik ingelig dat die aandele aan hulle vader en dus aan die boedel behoort het. Albei mans, Charles Wallach en Preller, het 'n wrok teen Engelenburg en Izaak Wallach gekoester. Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy die saak aan die kinders probeer verduidelik het,

> maar de mogenlikheid aan hernieuwde aksie is niet uitgesloten, omdat de Botha-kinderen somtijds naar verkeerde raadgewers luisteren.[137]

In 'n persoonlike, handgeskrewe brief het Engelenburg aan Leyds genoem dat die Botha-kinders nie die diskresie van hulle vader geërf het nie. Engelenburg het Leyds gevra om 'n dokument op te stel wat die herkoms van die £14 000 kon verduidelik wat hy in 1905 aan generaal Smuts en Botha oorgemaak het

> ... uit propaganda-fondsen onder uw beheer ... ten bate van hun politieke bedrijvigheid in Transvaal. ... Aangesien de aan Genl. B. en S. overgedragen aandelen tot vandag op naam van de heer I. Wallach en mij geregistreerd staan, kon boven vermelde transaksie lange tijd konfidensieel blijven.[138]

Engelenburg het die brief aan Leyds eers na generaal Smuts geneem vir goedkeuring en as 'n kantnota op die brief het Smuts geskryf: "... Ik keur inhoud van dezen brief goed. J.C. Smuts"[139]

Die doel van die aangevraagde dokument moes wees om die kinders te oortuig dat die geld nie uit Botha se private boedel gekom het nie en tweedens om Engelenburg en Izaak Wallach teen ondeurdagte handelinge van die kinders te beveilig.[140] Drie weke later het Leyds 'n verklaring uitgereik dat hy in 1905 meer as £17 000 aan die generaals gestuur het. Hy het verklaar dat die

---

136 NASA, Pretoria, W.J. Leydsargief (LA), vol. 219, deel III, F. Kleyn – F.V. Engelenburg, I. Wallach en C. Wallach, 06.10.1925.

137 NASA, Pretoria, LA, vol. 219, deel III, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 30.12.1925.

138 NASA, Pretoria, LA, vol. 219, deel III, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 30.12.1925.

139 NASA, Pretoria, LA, vol. 219, deel III, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 30.12.1925.

140 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 30.12.1925.

geld afkomstig was uit die kapitaal wat toe onder sy beheer was en bestem was vir nasionale doeleindes. Een van die doeleindes was die aankoop van *De Volkstem*.[141] Dieselfde dag het Leyds 'n tweede brief aan Engelenburg gerig waarin gemeld is dat hy £8 000, en nie £17 000 nie, gestuur het vir die doel om die koerant te koop. Die res van die geld het hy nie geweet waar die twee generaals dit gekry het nie.

> Maar zooals gij weet, ik heb heel wat meer geld overgezonden, belangrijk meer, b.v. aan Christelijk Nationaal Onderwijs.[142]

Waarskynlik was die Botha-kinders tevrede met die verklarings, want geen korrespondensie kon verder oor die saak gevind word nie.

Moontlik het Leyds vermoed dat die generaals 'n gedeelte van die geld wat vir die CNO-skole bedoel was, gebruik het om bykomende aandele in die koerant te koop. Die vraag het egter by Leyds opgekom wie nou eintlik as die eienaar van die *De Volkstem*-aandele van generaal Botha en Smuts en ná Botha se dood van generaal Smuts beskou moes word. Niemand kon op sigself daarop aanspraak maak nie, alleen as trustee omdat die aandele aangekoop is uit die ZAR se fonds wat Leyds in bewaring gehou het vir nasionale doeleindes. En wie was dan die trustee? Sy standpunt was:

> Per slot van rekening geloof ik het zelf te wezen. Immers het geld is door mij versteekt.[143]

Nie dat Leyds lus gehad het om daarmee gemoeid te wees nie.[144] Engelenburg het Smuts daarna gepols oor die moontlike aankoop van die aandele wat hy gehou het. Indien Smuts daartoe sou instem, sou hy bereid wees om Louis Esselen as direkteur kragtens die bestaande reëling aan te hou. Hy het bygevoeg:

---

141 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 21.01.1926.

142 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 21.01.1926.

143 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 21.01.1926.

144 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 21.01.1926.

> In ŉ privaat-briefje schreef Dr. Leyds mij dat hij uw aandelen-posisie in Wallachs Bpk niet bevredigend vindt. En ik denk hij is recht.[145]

Teen 1926 was *De Volkstem* nie meer ŉ regeringsorgaan nie omdat die Nasionale Party in 1924 aan bewind gekom het. Dit was wel nog die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party en volgens Engelenburg "... van 't joernalistieke standpunt gezien ammusanter om opposisie te voeren!"[146] Die maatskappy se ouditeur, L. Taylor, het die maatskappy se aandele op 30/- elk vasgestel. Engelenburg het steeds belanggestel om Smuts se aandeel in *De Volkstem* te koop en het vir Smuts £10 000 vir die 16 000 aandele aangebied.[147] Smuts was egter van mening dat dit trusteiendom was en dat daar nie na willekeur daarmee gehandel kon word nie. Hy was egter bereid om die aandele teen £24 000 te laat gaan, £10 000 in kontant en die res op afbetaling oor ŉ paar jaar teen 6% rente en ŉ verband teen die besigheid. Hy sou ook die uitdruklike versekering wou hê dat

> ... vir die tijd van u of I. Wallach's lewe die politiek van die Volkstem op breede lijne die van die SAP sal blij soos voorheen.[148]

Indien Izaak Wallach ook te vinde sou wees vir die voorwaardes, sou Smuts bereid wees om besigheid te doen.[149] Engelenburg en Wallach het Smuts se voorwaardes oorweeg, maar dit bo hulle "finansiele vuurmaakplek"[150] gevind om £24 000 vir 16 000 aandele te oormerk. Louis Esselen het hulle toe die wenk gegee om, indien hulle nie al die aandele kon koop nie, die helfte daarvan oor te neem. Indien Smuts daartoe instem, was Engelenburg en Wallach bereid om 8 000 aandele te koop teen die prys wat dit indertyd gekos het, naamlik £1 per aandeel.

---

145 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 22.02.1926.

146 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 17.04.1926.

147 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 26.04.1926.

148 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts – F.V. Engelenburg, 30.04.1926.

149 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts – F.V. Engelenburg, 30.04.1926.

150 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 08.05.1926.

> Ons onderneem om gedurende ons lewe die Volkstem 'n S.A.P. orgaan te laat blij.[151]

Smuts was egter nie daarvoor te vinde nie en die onderhandelinge met hom is daarna gestaak.

Twee jaar later het dit by *Die Volkstem*[152] nie goed gegaan nie. Die maatskappy was finansieel steeds onder groot druk. Izaak Wallach en Engelenburg het generaal Smuts weer oor die moontlike aankoop van die aandele genader.[153] Smuts het in antwoord aan Izaak Wallach geskryf:

> ... you must bear in mind that it is Trust monies for which I am responsible, and that I could only invert the proceeds in the ordinary way for natural purposes, and could scarcely use them to wipe out the debts of the *Volkstem*.[154]

*Die Volkstem* het daarna 18 maande lank voortgeploeter. Op 5 September 1929 het drie van die direkteure van die Wallach's-maatskappy, Izaak Wallach, Charles Wallach en Engelenburg, op 'n vergadering besluit dat Izaak die komende Empire Press Union Conference in 1930 in Londen sou bywoon. Charles was teleurgesteld dat die keuse nie op hom geval het nie, veral aangesien hy graag oorsee wou gaan. Izaak en Engelenburg besluit toe om met ingang van 1 Oktober of 1 November vier maande betaalde verlof aan Charles toe te staan.[155] Nadat hy gekla het dat vier maande te min was en dat Oktober of November hom nie gepas het nie, is op 'n volgende vergadering – op 31 Oktober 1929 – besluit om hom ses maande verlof toe te staan en dat hy dit op 'n geskikter tyd kon neem.[156]

In dieselfde maand het die aandelebeurs in New York ineengestort, wat aanleiding gegee het tot die wêreldwye ekonomiese insinking, wat later bekend sou staan as die Groot Depressie en wat tot 1933 geduur het. Die wêreldhandel het tot stilstand gekom en elke land moes sy eie heil

151 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 08.05.1926.

152 *De Volkstem* se naam is in Januarie 1927 na *Die Volkstem* verander.

153 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), I. Wallach en F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 30.01.1928.

154 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts – I. Wallach, 02.02.1928.

155 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Notule van 'n direkteursvergadering wat op 5 September 1929 gehou is.

156 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Notule van 'n direkteursvergadering wat op 31 Oktober 1929 gehou is.

uitwerk. Suid-Afrika is ook deur een van die grootste droogtes ooit getref.[157] Dit was ŉ driedubbele slag vir Wallach's-maatskappy en *Die Volkstem*, wat reeds sedert 1924, weens wanbestuur van Charles Wallach en Gustav Preller, onder finansiële druk was. Die debakel rondom Preller se bedanking het ook veroorsaak dat die koerant nog intekenare verloor het toe baie lesers Preller gevolg en by die Nasionale Party aangesluit het. Weens Charles Wallach en Preller se rojale besteding van die maatskappy se fondse was daar waarskynlik nie ŉ reserwefonds waaruit geput kon word terwyl die depressie voortgeduur het nie.

Die gevolge van die ineenstorting van die Amerikaanse aandelebeurs het Suid-Afrika reeds in 1930 met volle sterkte getref. Toe Brittanje van die goudstandaard afstap, het die Hertzog-regering geweier om sy voorbeeld te volg, wat tot gevolg gehad het dat die ongunstige wisselkoers handel met die buiteland feitlik tot stilstand gebring het.[158] Dit het daartoe gelei dat die advertensie-inkomste van die koerant ŉ verdere knou toegedien is. Drukwerk het ook afgeneem, wat die drukkerye onder druk geplaas het. As noodmaatreël is besluit om die personeel se salarisse te verminder.[159] Beide Engelenburg en Wallach het van hulle maandelikse pensioen van £50 afstand gedoen, met die verstandhouding dat hulle in die firma se boeke vir die niebetaalde pensioenbedrae gekrediteer word.[160]

Die direkteure van Wallach's-maatskappy het Charles Wallach waarskynlik nie as ŉ bate vir die maatskappy beskou nie en wou duidelik van hom ontslae raak. In daardie stadium was hy steeds hoof van die drukkery en het ŉ dubbele funksie vervul, naamlik dié van direkteur en van bestuurder. Die ander direkteure het dit as ŉ ongesonde situasie beskou en op 11 September 1930, op ŉ direkteursvergadering waarop Charles teenwoordig was, is besluit om sy tweeledige posisie te skei. Charles was hewig teen die besluit gekant, want dit sou na sy mening sy status as bestuurder-direkteur verlaag. Die ander direkteure het hom daarna gevra om as direkteur te

---

157 H.B. Giliomee, ""Gesuiwerde" nasionalisme, 1924-1948" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, p. 300.

158 H.B. Giliomee, ""Gesuiwerde" nasionalisme, 1924-1948" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, p. 300.

159 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Notules van 'n direkteursvergadering wat op 11 en 15 September 1930 gehou is.

160 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling, (Charles Wallachversameling), Memorandum, 18.10.1930.

bedank en gevra dat hy as algemene bestuurder aanbly. Voor die vergadering verdaag het, het Charles die ander direkteure ingelig dat hy nie van voorneme was om van sy funksie as direkteur van die maatskappy afstand te doen nie.[161]

Op 15 September 1930 het die direkteure weer vergader en het hulle besluit om Charles Wallach se dienste as algemene bestuurder en as direkteur te beëindig.[162] Drie weke later is op 'n direkteursvergadering besluit om H. Orban as algemene bestuurder in die plek van Charles Wallach aan te stel.[163] Charles was hieroor glad nie gelukkig nie en het by generaal Smuts gekla dat hy as bestuurder afgedank is en dat hy ook nie meer 'n direkteur van die maatskappy was nie. Hy het weer sy ongelukkigheid van vroeër aangaande die wins- en dividendverdeling van die maatskappy opgehaal. Aangesien generaal Smuts die grootste aandeelhouer van die maatskappy was, het Charles hom tot die generaal vir raad gewend.[164] Smuts kon Charles egter nie van raad bedien nie. Hy het hom aan sy advies van 1925 herinner waarin hy aanbeveel het dat Charles die probleme deur 'n arbiter moes laat ondersoek, wat Charles egter nie gedoen het nie.[165] Charles het daarna besluit om die Wallach's-maatskappy vir skadevergoeding van £738 te dagvaar, voortspruitend uit sy afdanking as bestuurder van die besigheid. Hy was ook ongelukkig daaroor dat die maatskappy hom kort voor sy afdanking ses maande verlof toegestaan het, maar daarna maand kennis gegee is voordat hy dit kon neem. Die hof het in die guns van Charles Wallach beslis dat die Wallach's-maatskappy aan hom skadevergoeding moes uitbetaal.[166]

Die ouditeursverslag van 12 Mei 1931 deur Taylor het 'n donker prentjie geskilder wat die maatskappy se finansies betref. Die ouditeure het 1930 as 'n jaar van "grote moeilikheid" beskou.

---

161 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling, (Charles Wallachversameling), Notule van 'n direkteursvergadering wat op 11 September 1930 gehou is.

162 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Notule van 'n direkteursvergadering wat op 15 September 1930 gehou is.

163 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Notule van 'n direkteursvergadering wat op 7 Oktober 1930 gehou is.

164 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Charles Wallach – J.C. Smuts, 18.09.1930.

165 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), J.C. Smuts – Charles Wallach, 22.10.1930.

166 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Koerantberig uit *The Star*, titel van berig en datum onbekend.

Reeds van die begin van daardie jaar af moes maatreëls getref word om die geldelike toestand die hoof te bied. *Die Volkstem* se advertensie-inkomste het gedaal as gevolg van die swak toestand van die besigheid en van die ekonomie. Selfs met al die besparingsmaatreëls was die winste op die drukkery se rekening nie voldoende om die verlies op *Die Volkstem* te dek nie.[167]

Taylor het die direkteure ingelig dat Engelenburg besluit het om finaal as redakteur van *Die Volkstem* uit te tree en dat meneer C.S. Coetzee, die assistentredakteur, met ingang van 1 Junie 1931 as redakteur benoem is. Taylor het sy verslag afgesluit deur Engelenburg opreg te bedank vir die bereidwilligheid wat hy altyd getoon het om die maatskappy behulpsaam te wees. Engelenburg het al in Oktober 1924 uitgetree, maar as gevolg van die moeilikheid wat aan almal bekend was, het hy in Augustus 1925 weer die redakteurstoel ingeneem en gedurende ses moeilike jare sonder enige besoldiging gewerk.[168]

Die bestuurder, H. Orban, se jaarverslag wat op 15 Mei 1931 aan die direkteure voorgelê is, het ŉ soortgelyke donker prentjie geskilder. Wat die personeel betref, het hy gemeld dat een en elkeen hulle kant gebring en ekstra ure gewerk het, ook Sondae. Hulle het die belange van die maatskappy gedien asof dit hulle eie besigheid was. Die personeel het die noodsaaklikheid ingesien om deeglike werk in die kortste moontlike tyd te lewer en het in elke moontlike opsig suinig te werk gegaan. In 1931 was die getal personeellede in diens van die koerant en drukkery soos volg: administrasie – 22; redaksie – 12; weekliks betaalde werkers – 80; en bruinmense – 22, dus ŉ totale personeelkorps van 136. Orban het ook oor die masjinerie verslag gedoen. Gedurende daardie verslagjaar is ŉ nuwe draadstikmasjien vir die bindery aangekoop. Die nuwe Halley-rotasiepers was nie ŉ volslae sukses nie omdat die stereoplate nie suiwer gegiet kon word nie en die ongelykhede het enorme oponthoud veroorsaak. Die probleem is met die leweransiers opgeneem, wat ŉ nuwe pers kort voor die direkteursvergadering laat aflewer het wat nog nie

---

167 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Ouditeursverslag van L. Taylor, 12.05.1931.

168 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Ouditeursverslag van L. Taylor, 12.05.1931.

uitgetoets kon word nie. Die masjien se voordeel was dat beide kante van die papier tegelyk gedruk kon word.[169]

Orban het verder gerapporteer dat die grootste oorsaak van die agteruitgang van die koerant die vermindering van advertensies was, wat ŉ verlies van £1 916 teenoor die vorige jaar meegebring het. Die afname in die inkomste deur middel van advertensies was onrusbarend en pogings is aangewend om dit te verbeter deurdat meneer G.B. Hewlett, ŉ vroeëre advertensiebestuurder van Stuttafords en advertensiereisiger vir die *Rand Daily Mail*, op ŉ proefbasis aangestel is om advertensies vir *Die Volkstem* te werf. Wat die drukkery betref, is die pryse vir drukwerk volgens ŉ sisteem van koste per uur bereken. Die pryse is vasgestel op ŉ grondslag van die normale verloop van sake, naamlik ŉ sekere aantal gewerkte ure teen werkloon plus ŉ sekere bedrag vir nieproduktiewe ure, bedryfskoste, huur en oorhoofse koste. Voorheen is die uurkoste jaarliks met 15% tot 20% verhoog. Orban het die direkteure gevra om die uurkoste met slegs 5% te verhoog. Dit sou help om die indruk wat by vele mense in Pretoria geheers het, naamlik dat "Wallach's te duur zijn", vir goed te verwyder.

Ook by *Die Volkstem* is besparingsmaatreëls getref. Orban het genoem dat die nuusruimte in die koerant in dieselfde mate toegeneem het as wat die advertensieruimte afgeneem het en dat geen besparing dus gemaak kon word nie. Hy het voorgestel dat die koerant van 16 en 20 bladsye verminder word tot 12 en 14 bladsye, wat ŉ besparing van 8 tot 10 bladsye per uitgawe sou meebring en dus ŉ besparing van £525 per jaar vir papier en matryse,[170] benewens dit wat aan Lino-tyd[171] bespaar word. Hy het ook aanbeveel dat die koerant nie sy dagbladstatus prysgee nie, want dan sou *Die Volkstem* al sy lesers verloor. Orban het voorgestel dat die salarisse en lone van die personeel verder verminder word en dat ŉ paar werknemers afgelê word. Een tikster moes afgelê word, vier swartes, asook meneer W.J. Beaumont. Laasgenoemde het verskeie kere op

---

[169] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag van H. Orban aan die direkteure van die Wallachs' Drukkery, 15.05.1931.

[170] Gietvorms.

[171] Tyd wat dit neem om die letters te set.

salarisverhoging aangedring en verder het hy ŉ drang gehad tot kwasigeheimsinnige en vir die maatskappy ongunstige praatjies, wat juis in dié tye geen goed gedoen het nie.[172]

Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy ŉ moeilike tyd beleef het. Vanweë die lae pryse van wol en mielies het die plattelanders onder wie *Die Volkstem* gesirkuleer het, ŉ swaar tyd deurgemaak. Met hulle klaagliedere het hulle hul nood só oordrewe verkondig dat geen besigheidsman dit die moeite werd geag het om sy motors en geneesmiddels in *Die Volkstem* te adverteer nie, sodat die inkomste aan advertensies aansienlik gedaal het. Oral moes uitgawes verminder word. Die koerant kon net daarin slaag om kop bo die water te hou, maar die krisis was nog lank nie verby nie.[173]

By *Ons Vaderland*, met Preller sedert 1925 aan die stuur, het dit in 1931 net so droewig gegaan. Generaal Hertzog, premier van die Unie, het besluit om ŉ bedrag geld byeen te bring ten einde dié koerant nie alleen van likwidasie te red nie, maar ook te versterk, en daardeur ŉ doeltreffender lyfblad in Transvaal te verkry wat as die regering se mondstuk kon dien en ook om die verlore steun wat die Nasionale Party ondervind het, te herwin. In dié tyd het die stigterslede van ŉ nuwe maatskappy bymekaar gekom wat *Ons Vaderland* sou oorneem. ŉ Heeltemal nuwe benadering met moderne sakebeginsels was nodig. Daar is besluit dat Gustav Preller redakteur sou bly, maar dat alle bestuursfunksies uit sy hande geneem moes word. ŉ Man met buitengewone bestuurshoedanighede moes aan die hoof van die nuwe onderneming staan. Daar is op Fasie de Wet, die bestuurder van die Nasionale Pers in Kaapstad, besluit.[174] Preller en Fasie de Wet het nie met mekaar oor die weg gekom nie. In toenemende mate het dit Preller gegrief dat baie belangrike besluite sonder hom geneem word en toenemend het daar botsings tussen hom en De Wet ontstaan. Ná elke botsing was De Wet nog meer geneig as tevore om Willem van Heerden, wat hy in 1932 aangestel het, as die werklike redakteur te beskou en Preller bloot as hoofartikelskrywer.[175]

---

172 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), Bestuurdersverslag van H. Orban aan die direkteure van die Wallachs' Drukkery, 15.05.1931.
173 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.06.1931.
174 L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, pp. 430-431.
175 L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 469.

Volgens Preller het hy destyds by *De Volkstem* bedank omdat hy ná jarelange frustrasie eenvoudig nie meer met die blad se politieke rigting kon saamgaan nie.[176] Dit klink egter vreemd dat hy vir soveel jare by ŉ koerant gebly het met wie se politieke beleid hy nie saamgestem het nie. Moontlik het Engelenburg en Fasie de Wet iets gemeen gehad oor Preller se vermoë as hoofredakteur. Albei het geweet dat Preller nie oor goeie bestuursvernuf beskik het nie. Die hoogtes wat hy as politieke joernalis jare tevore by *Land en Volk* bereik het, kon Preller nooit werklik by *De Volkstem* behaal nie en ook nie by *Ons Vaderland* nie. Hy het te oordrewe skerp meegedoen, was te emosie-belaai, het te dikwels sleggesê en verkleineer eerder as om te probeer oortuig. Veral Preller se vroeëre politieke vriende moes dit ontgeld, maar na gelang hy ouer geword het, sommer enigeen met wie hy om die een of ander rede, werklik of denkbeeldig, ŉ appeltjie wou skil.[177] Willem van Heerden was van mening dat Preller se gawe eerder daarin gelê dat hy een van die drie "leesbaarste" joernaliste was wat Afrikaans opgelewer het. Hy het ŉ vermoë tot skepping van woorde en uitdrukkinge besit wat dikwels verbaas het. Aan die ander kant weer was Preller ook geneig om vreemde woorde in verkeerde sinsverband te gebruik.[178] Hy het dit nie net gedoen in artikels van die koerante waar hy werksaam was nie, maar in sy termyn as sekretaris van die Akademie het dit ook in sy notules te voorskyn gekom, byvoorbeeld sy herhaaldelik gebruik van die woord *galvaniseer*:

> ... [die Daëlikse Bestuur moes] die lokale belangstellendes tot handeling galvaniseer.[179] ... [Het] blyk daarenteen, dat die belangstellende publiek aldaar nie galvanisabel is nie ... Die sekretaris [Preller] vra of die Raad niks kan doen om sy Vakkommissies tot enige werksaamheid te galvaniseer nie.[180]

Ook Leyds het, soos baie ander, kritiek op Preller se werk gehad. Leyds het reeds in 1930 aan Engelenburg geskryf dat hy nie geweet het wat Preller die afgelope jare besiel het nie. Preller het

---

176 L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais*, p. 416. Vgl. W. van Heerden, "Preller die joernalis" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(4), Desember 1975, pp. 274-275.

177 W. van Heerden, "Preller die joernalis" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(4), Desember 1975, p. 276.

178 W. van Heerden, "Preller die joernalis" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(4), Desember 1975, p. 277.

179 Volgens die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* van Labuschagne en Eksteen (1993) beteken *galvaniseer* om ŉ galvaniese stroom aan te wend (opgewek deur chemiese werking (elektrisiteit)).

180 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 10, Notule van die Akademieraad, 03.09.1924.

Leyds se boek wat verskyn het en wat deel gevorm het van die versameling wat reeds verskyn het, "sogenaamd" beoordeel, maar volgens Leyds het Preller nie eers die moeite gedoen om dit te lees nie, hoogstens vlugtig die voorwoord gelees. Hy het meer geskryf oor die eerste deel van die versameling en as slot oorgegaan tot die pas verskene boek, waarin hy na aanleiding van die brosjure *Een eeuw van onrecht* ŉ aanval op generaal Smuts gedoen het.

> Voor een historie-schrijver als Preller wil zijn is het een droevig oppervlakkig stuk werk, waarover hij zich behoort te schamen.[181]

Dat Preller met buitengewone verstandelike gawes bedeeld was, was sekerlik waar. Dit lê nie op almal se weg om te begin met minder as drie jaar skoolopleiding en te eindig met ŉ doktoraat *honoris causa* nie – en dit in ŉ tyd toe Afrikaanse universiteite eregrade net op grond van intellektuele prestasie toegeken het.[182]

**Rampe tref Engelenburg op persoonlike vlak**

Op 13 Januarie 1926 het mevrou Engelenburg-Vermandel gesterf. Uit Nederland het Engelenburg se halfbroer, Frits, aan Engelenburg geskryf dat hy haar sewe maande tevore na De Oldhorst geneem het waar sy ŉ paar uur by die familiegrafkelder, waar haar man te ruste gelê is, vertoef het. ŉ Paar weke later het Frits haar met sy tweedehandse Studebaker, wat hy toe pas aangeskaf het, by haar huis gaan haal en na Den Haag geneem, waar sy vir ŉ week gebly het. Op pad het hulle deur Brabant gery en die middag Kees en sy vrou opgesoek. Kees was Engelenburg se oudste broer. In Den Haag het Frits van die geleentheid gebruik gemaak om aan mev. Engelenburg-Vermandel die nuwe deel van die stad te wys en het haar ook na enkele kennisse geneem, waar hulle saam koffie gedrink het. Frits se vrou Louise en die kinders het nog in Duitsland gewoon en hy self was die meeste van die tyd in Nederland, steeds op soek na werk.[183] Kort voor haar dood het mevrou Engelenburg-Vermandel aan Engelenburg geskryf dat dit Frits geluk het om werk te kry. Sy vrou met die twee kinders het nog in Eberstadt gewoon, maar het

---

181 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Frankenslag – F.V. Engelenburg, Pretoria, 25.08.1930.

182 W. van Heerden, "Preller die joernalis" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(4), Desember 1975, p. 265.

183 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Frits Engelenburg – F.V. Engelenburg, 09.07.1925.

daaraan gedink om haar huis daar te verkoop en ook na Den Haag te verhuis. Oor die twee kinders het mevrou Engelenburg-Vermandel geskryf:

> De kleine Engelenburgjes, een paar mooie lieve kindertjes, moeten toch ook Hollandsch worden.[184]

Onderaan dieselfde brief van mevrou Engelenburg-Vermandel aan Engelenburg maak hy later die aantekening:

> Op 13 Januari 1926, dus enkele dagen na 't schrijven van deze brief, is mevr. Engelenburg nee Vermandel, te Oosterbeek overleden, waar zij op 16 Januari begraven werd.[185]

Twaalf dae voor sy oorlede is, het notaris P.J. van Wijngaarden, op 1 Januarie 1926, aan Engelenburg geskryf dat hy nog in besit was van aandele van hom ter waarde van *f*7 000, wat die Broes en Gosman-aandele ingesluit het.[186] Ná mevrou Engelenburg-Vermandel se dood was die deel van sy vader se boedel waarvan sy vruggebruik gehad het, ook aan die Engelenburg-seuns beskikbaar gestel. Op 16 Februarie 1926 het Engelenburg 'n versoek aan Van Wijngaarden gerig om sy deel van die aandele te gelde te maak en in die Nederlansche Bank voor ZA in Amsterdam te deponeer.[187] Teen Maart 1928 was al die aandele wat by Van Wijngaarden en Koopman gehou is, te gelde gemaak en aan Engelenburg oorgemaak.[188] Intussen is Frits en sy vrou in 1928 geskei. Weens omstandighede het Frits aan verskillende mense geld geskuld en geen middele gehad het om hulle terug te betaal nie. Engelenburg het aan notaris Van Wijngaarden geskryf om uit die familietrustfonds hoogstens *f*10 000 te onttrek om Frits se kapitaal aan te vul, mits hy sou onderneem om elke maand 'n bedrag opsy te sit ten einde die

---

184 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, G.W.C. Engelenburg-Vermandel – F.V. Engelenburg, 02.01.1926.

185 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, G.W.C. Engelenburg-Vermandel – F.V. Engelenburg, 02.01.1926.

186 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 25, Staat van besittings van F.T.V. Engelenburg in die bewaring van Van Wijngaarden en Koopmans.

187 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 25, F.V. Engelenburg – P.J. van Wijngaarden, 16.02.1926.

188 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 25, P.J. van Wijngaarden - F.V. Engelenburg, 05.03.1928.

verlies in die trustfonds te herstel. Van Wijngaarden moes ook eers toestemming van sy oudste broer, Kees, verkry, asook van sy broer Willem se weduwee.[189]

Engelenburg het beplan om in 1928 na Nederland te reis, waarskynlik met die doel om sy deel van sy vader se boedel waarop mevrou Engelenburg-Vermandel vruggebruik gehad het, na Suid-Afrika te verskeep, onder andere meubels, skilderye en porseleinware. Voor sy vertrek na Nederland het Engelenburg vir hom twee pakke klere, elk met ʼn ekstra broek, deur die pos bestel. Daar is reeds in ʼn vorige hoofstuk vermeld dat Engelenburg gewoonlik sy pakke klere by Boulter, Hepburn & Co., 10 Clifford Street, naby New Bond Street, Londen, laat maak het. Die kleremakers het vir elke patroon ʼn nommer gehad en as hulle die klant se afmetings gehad het, kon hulle die klere op posbestelling maak. Pak nommer 9554, wat Engelenburg in 1923 laat maak het, het steeds gepas en hy het hulle gevra om nog so ʼn pak in dun grys materiaal te maak. Pak nommer 4339, wat hy in 1919 laat maak het, se patroon kon gebruik word om vir hom ʼn pak van dun blou materiaal te maak. Vir elke bestelling het hy ʼn monsterlappie saamgestuur en die kleremakers moes materiaal kies so na as moontlik daaraan.

> You will remember that I prefer the jackets without lining (semi lined) and the back of the waistcoat made of thin mohair.[190]

Engelenburg het in Engeland voet aan wal gesit en is daarna eers na Londen om die klere af te haal. Terwyl hy in Engeland was, het hy ook sy vriend Lionel Phillips se seun by die Universiteit van Oxford besoek. "... He is a serious young man & should prove useful in S. Africa in time."[191]

Terug in Suid-Afrika het ʼn goeie vriend van Engelenburg, Henry Burton (1866-1935), se een huis in die Kaap met inhoud en al afgebrand. Toe Engelenburg die oggend in die koerant van die ramp gelees het, het hy dadelik ʼn brief aan Burton geskryf om sy spyt daaroor uit te spreek:

---

[189] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, F.V. Engelenburg – P.J. van Wijngaarden, 20.08.1928.

[190] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Boulter, Hepburn & Co, 11.04.1928.

[191] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Lionel Phillips - F.V. Engelenburg, 05.08.1928.

> ... indien ek u van enige diens kan wees, moet u oor mij beskik as oor ŉ hulpvaardige vriend. U geval leer mij hoe ŉ mens altijd klaar behoort te staan om enige teenspoed te dra![192]

Henry Burton, eers ŉ advokaat en later ŉ kabinetsminister, het onder generaal Louis Botha en daarna onder generaal Smuts gedien. Burton was ook in 1918 in Londen, waar hy hom by Smuts en Botha aangesluit het as ŉ afgevaardigde by die imperiale oorlogskonferensie. Hy het saam met Engelenburg die onderhandelingsvergaderings, wat ses maande geduur het, bygewoon. Hulle het daarna vriende gebly. Sewe weke ná die brand-episode was Engelenburg en Lorraine in die Kaap en het hulle in hulle strandhuis, Bagatel Cottage, in Muizenberg tuisgegaan. Henry Burton en sy vrou Helen het die Engelenburg-egpaar uitgenooi na ŉ ete en afskeidskonsert op 10 Maart ter ere van hulle dogter Pixie, wat na Engeland sou vertrek. Drie dae later het Engelenburg die Burtons bedank vir die maaltyd en konsert die vorige Donderdag.

> De ‘agenda’ was volmaakt, van af de ‘hors d’oeuvres’ in de gedaante van de witte zwaan tot de druiven van u eigen plaats.[193]

By Engelenburg se huis in Pretoria het dit nie altyd gerieflik gegaan nie. Terug uit die Kaap moes hy die stadsingenieur van Pretoria se aandag op die swak toestand van Ziervogelstraat vestig. Hy het toe al 23 jaar daar gewoon en nog nooit is iets deur die munisipaliteit aan die saak gedoen nie. Dit was vir hom moeilik om te bereken wat hy in die 23 jaar aan belasting betaal het. Hy het nooit enige moeite vir die stedelike owerheid besorg nie en het gemeen dat hy op hulle welwillende oorweging aanspraak kon maak.

> Ziervogel straat is slegs ŉ paar honderd yards lang. Daar gaan elke dag baie klerke van die Unie-gebou deur die straat en dis nie aangenaam om hul te hoor vloek oor die stof en die klippe wat daar lê. Hul sê dis ŉ skande![194]

---

[192] Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NBSA), Kaapstad, Henry Burtonversameling, MSC38, band 8, F.V. Engelenburg – Henry Burton, 24.01.1927.

[193] NBSA, Kaapstad, Henry Burtonversameling, MSC38, band 8, F.V. Engelenburg – Henry Burton, 13.03.1927.

[194] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, F.V. Engelenburg – Stadsingenieur, Pretoria, 23.07.1927.




Illustrasie 107: Cliffordstraat 10, Londen. Engelenburg het sy klere by hierdie adres laat maak.
Bron: http://www.victorianweb.org/art/architechture/commercial/28
(geraadpleeg op 10.03.2015).

Die stadsraad het reageer dat die fondse vir die herstelwerk aan strate vir die lopende jaar reeds toegewys was en dat Ziervogelstraat nie aandag sou kon geniet tot verdere fondse beskikbaar gestel word nie.[195] Engelenburg het belowe dat hy die saak weer onder hulle aandag sou bring sodra die lopende jaar verby is. In Junie die daaropvolgende jaar het Engelenburg weer aan die stadsingenieur skryf en gevra dat Ziervogelstraat, 'n kort straatjie uit Hamiltonstraat, verbetering nodig gehad het. Volgens Engelenburg was Ziervogelstraat die enigste in- en uitgang tot sy woonplek. Die uitgang aan die noordekant het oor privaat eiendom van die Unie-regering gegaan. Hy wou weet waarom Ziervogelstraat nie aandag gekry het nie, terwyl ander strate in die nabyheid aangelê of verbeter word. Hy het genoem dat sy munisipale belasting kort tevore met £50 per jaar verhoog is. Hopelik sou dit bydra tot die munisipaliteit se gunstige beoordeling van Ziervogelstraat.[196]

Engelenburg het ook 'n ander probleem gehad. Aan die oostekant van sy huis was 'n dennewoud wat deur die tuinboukundiges van die Uniegebou aangeplant is. Dit het later vir die inwoners van die omgewing 'n probleem begin word. Engelenburg het aan die hoofingenieur van die straatverligingsdepartement geskryf dat daar naby sy woonplek 'n klomp "pynbome" gestaan het wat ná sononder besoek word deur "inboorlinge" van albei geslagte. "... Dis onplesierig vir die mense wat in die buurt woon."[197] Hy het gevra dat 'n elektriese straatlamp op die hoek van Ziervogel en Meintjestraat[198] (hy was nie seker oor die laasgenoemde straatnaam nie)[199] aangebring word in die hoop dat die "ongewenste inboorlinge" moontlik verderaan 'n donker plek sou gaan soek. Hy het ook 'n kaart van die omgewing geteken waarop die plek aangedui is

195 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Stadsingenieur, Pretoria – F.V. Engelenburg, 13.09.1927.

196 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Stadsingenieur, Pretoria, 23.06.1928.

197 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Hoofingenieur, Straatverligtingsdepartement, Pretoria, 05.08.1928.

198 Vandag Faurestraat.

199 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Hoofingenieur, Straatverligtingsdepartement, Pretoria, 05.08.1928. Waarskynlik was daar toe nog nie 'n naambord vir die straat opgerig nie.

waar die straatlamp moes kom.[200] Twee dae later het die stadsraad laat weet dat hulle 'n straatlamp sou aanbring op die plek waar Engelenburg aangedui het.[201]

Einde Mei 1931 het Engelenburg op 68-jarige leeftyd die redakteurskap van *Die Volkstem* finaal vaarwel toegeroep. Die koerant was teen daardie tyd lankal nie meer wat dit was nie. Leyds kon homself nie die koerant sonder Engelenburg indink nie:

> Maar Editeur van de *Volkstem*? Is dit niet de tweede maal dat ge als zoodanig aftreedt? Het beduidt toch niet dat ge niet meer in dat blad schrijven zult? Dat kan ik mij niet voorstellen. Nog dikwels hoop ik uwe artikelen te lezen.[202]

Hy het in dieselfde brief laat blyk dat hy teleurgesteld was omdat Engelenburg sy vorige korrespondensie-versameling,[203] wat hy in boekvorm uitgegee het, skynbaar geïgnoreer het. Hy het ook nie doekies omgedraai oor H.P.N. Muller[204] nie:

> Zal deze nieuwe collectie hetzelfde lot ondergaan? Wanneer ge van de twee laastste bijlagen kennis wilt nemen, zult ge zien dat ik daarin gewaarschuwd heb tegen het giftige reptiel H.P.N. Muller. Ik zou hem graag hebben doodgezwegen, maar de besproken gebeurtenissen dwongen mij er wel toe over hem te spreken.[205]

Leyds se negatiewe siening oor Muller spruit daaruit dat Muller, terwyl hy gedurende die Anglo-Boereoorlog in Nederland was, op eie houtjie en in die geheim Bern besoek het, waar hy deur middel van graaf Van Bylandt, die Nederlandse gesant aldaar, in aanraking gekom het met Russiese en Duitse diplomate. Vervolgens was Muller in Rome, waar hy die markies Vincenti Venosta, toenmalige Italiaanse minister van buitelandse sake, gespreek het. So het hy gemeen op die hoogte te kom van die houding van die Europese moondhede teenoor die Boeresaak. Toe die

---

200 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, F.V. Engelenburg – Hoofingenieur, Straatverligtingsdepartement, Pretoria, 05.08.1928.

201 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, T.W. Watson – F.V. Engelenburg, 07.08.1928.

202 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, Pretoria, 18.08.1931.

203 W.J. Leyds, *Tweede verzameling: correspondentie 1899-1900* ('s-Gravenhage, N.v.Geuze & Co., Dordrecht, 1930).

204 H.P.N. Muller was voor en gedurende die Anglo-Boereoorlog konsul-generaal vir die Oranje-Vrystaat.

205 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, Pretoria, 18.08.1931.

deputasie bestaande uit A. Fischer, A.D.W. Wolmarans en C.H. Wessels later in 1900, en daarna president Kruger self, in Europa aankom, het Muller hom bevoeg geag om raad te gee oor die weg wat ingeslaan moes word. Hy het hierin met dr. Leyds se siening gebots. Leyds het as buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die ZAR in Europa die optrede van Muller op diplomatieke vlak gelaak en as inbreuk op sy eie terrein beskou. Daar het ŉ openlike antipatie ontwikkel, wat later openlike vyandskap geword het tussen die twee mans, ŉ vete wat die res van hulle lewe sou duur.[206]

Engelenburg het sy versuim erken om Leyds se boek in *Die Volkstem* te bespreek.[207] Hy het verduidelik dat, toe die boek hom bereik het, hy in die middel van ŉ maalstroom van bekommernis was. Die bank het plotseling geweier om enige verdere krediet aan die Wallach's-maatskappy toe te staan en Engelenburg moes voordurend gereed staan om met persoonlike fondse die firma by te staan. Terselfdertyd het die redakteur en Engelenburg se vennoot, Izaak Wallach, vir kongresse na Europa vertrek en is hy alleen gelaat met die moeilike krisis. Tegelykertyd moes hy redakteur en algemene bestuurder speel. Dit het die grootste deel van 1930 in beslag geneem. Hy het onderneem om die tweede en derde deel gesamentlik te resenseer, in plaas daarvan om dit aan ŉ "beunhaas" oor te laat. Wat die posisie van die Wallach's-maatskappy betref, het Engelenburg geskryf dat *Die Volkstem* steeds teen ŉ verlies gewerk het, maar gedra is deur die winsgewende drukkersgedeelte van die maatskappy. "... Maar ik moet nog voortdurend vinger op de Wallach-pols houden."[208]

Ná sy finale uittrede as hoofredakteur van *Die Volkstem* is Engelenburg voortdurend genooi om as spreker by die een of ander geleentheid op te tree. Hy is in September 1931 ook deur die eresekretaris van die Pretoriase tak van die Volkebondsunie in kennis gestel dat hy op hulle algemene jaarvergadering tot lid van die hoofkomitee verkies is. Die vereniging het gereken dat

---

206 F.J. du T. Spies, "Muller, Hendrik Pieter Nicolaas" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p.596.

207 W.J. Leyds, *Tweede verzameling: correspondentie 1899-1900*, 1.1, 1.2 en 2 ('s-Gravenhage, N.v.Geuze & Co., Dordrecht, 1930).

208 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 09.09.1931.

Engelenburg baie sou beteken as werkende lid. Hulle het gemeen dat daar niemand anders in Pretoria was wat soveel sou kon bydra tot die vereniging se groei en bloei as Engelenburg nie.[209] Engelenburg het die versoek met spyt van die hand gewys en as rede aangevoer dat hy besig was met allerhande werk wat aandag en tyd vereis het, en dat daar nie veel tyd sou oorbly om behoorlike aandag aan die komitee te gee nie.[210]

Eugène C. van Wyk, verbonde aan die African Broadcasting Company, Limited in Johannesburg, het Engelenburg ook genader om vir die Johannesburgse Uitsaaistasie ŉ praatjie of voorlesing van 15 minute te gee. Die onderwerp kon hy self kies. Hy kon oor ŉ geskiedkundige onderwerp, byvoorbeeld oor Paul Kruger, of die joernalistiek in die republikeinse dae praat, in Nederlands, Afrikaans of Engels. Engelenburg kon selfs sy eie aand kies – in die derde of vierde week van April, van Maandag tot Vrydag. Hulle het manne van Engelenburg se kaliber, aansien en ondervinding broodnodig gehad omdat hulle in hul uitsendings van die beste Afrikanerkragte gebruik wou maak.[211] Dit was egter nie vir Engelenburg moontlik om aan die versoek te voldoen nie.

Professor W. Blommaert van die Universiteit van Stellenbosch se versoek aan Engelenburg om in Oktober 1931 ŉ lesing oor Paul Kruger by ŉ Kruger-aand te lewer, kon hy ook nie aanvaar nie. Engelenburg het wel aangebied om die lesing te skryf, maar hy het gevra dat iemand dit namens hom voorlees.[212] Twee maande later het die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) sy tweejaarlikse kultuurkongres in Kaapstad gehou en drie maande voor die kongres het die algemene sekretaris, I.M. Lombard, Engelenburg versoek om op die openingsaand saam met die minister van onderwys en die administrateur van die Kaapprovinsie ŉ kort woord tot die afgevaardigdes te rig. Lombard het geoordeel dat Engelenburg se

---

[209] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, E.F.W. Gey van Pittius – F.V. Engelenburg, 22.09.1931.

[210] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – E.F.W. Gey van Pittius.

[211] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, E.C. van Wyk – F.V. Engelenburg, 23.03.1928.

[212] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, W. Blommaert – F.V. Engelenburg, 06.10.1931.



Illustrasie 108: Lorraine 'n jaar nadat sy met Engelenburg getroud is. Die foto is in 1925 geneem.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

teenwoordigheid en besielende woorde veel tot die sukses van die kongres sou bydra.[213] Engelenburg se antwoord daarop was dat hy nie daardie jaar, soos sy gewoonte was, sou afkom Kaap toe nie. Hy het besluit om in Pretoria te bly

> ... en ek sal my nie, selfs met ’n groot stok suidwaarts laat dryf nie!

Hy was wel bereid om ’n kort skriftelike boodskap in sy hoedanigheid as voorsitter van die Akademie aan Lombard te stuur.[214] Die rede waarom Engelenburg hom nie uit Pretoria sou laat beweeg nie, maar dit nie aan Lombard en die ander instansies genoem het nie, was dat sy vrou ernstig siek was. Lorraine was teen daardie tyd bedlêend en Engelenburg moes al sy aandag aan haar gee. Waarskynlik was die tydperk van 1925 tot 1931 die moeilikste paar jaar wat Engelenburg ooit beleef het.

**Samevatting**

Die Nasionale Party en die Arbeiderparty, die sogenaamde “Pakt”, het in 1924 die leisels van die land oorgeneem. Baie mense wat tradisioneel lede van die Suid-Afrikaanse Party was, en dus lesers van *De Volkstem*, het al van 1921 af oorgeloop na die Nasionale Party. Die feit dat generaal Smuts die Unioniste in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party opgeneem het, het in effek beteken dat Smuts en ’n groep Afrikaners hulle met die imperialistiese doelstellings van die oud-Unioniste vereenselwig het. Dit het die finale breuk in Afrikanergeledere tot gevolg gehad. *De Volkstem*, mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party, en daarmee saam ook Engelenburg, het in die politieke wildernis beland. Ofskoon hy steeds aansien in kultuurkringe geniet het, was sy statuur geregistreer in die dampkring van die Angel-Saksiese kringe waarin hy beweeg het. Saam met Lorraine en net soos Leipoldt het hy in die Engelse kulturele hoofstroom van Suid-Afrika opgegaan. Hy het ook in die styl van sy nuwe “vriende” in Brittanje begin leef, vandaar dan ook dat hy sy pakke klere in Londen laat maak het. Engelenburg het geleidelik ’n wêreldburger geword en was veral ná die Eerste Wêreldoorlog tuis in Brittanje, Suid-Afrika, Nederland en die res van Europa.

---

213 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, J. Lombard – F.V. Engelenburg, 11.09.1931.

214 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – J. Lombard, 14.09.1931.

Sy belangstelling in ander kulture is veral ná die Eerste Wêreldoorlog geprikkel. Sy beskrywing van die kultuur in Bombaai toon ook dat hy ŉ buitengewone vermoë gehad het om kultuur in die vreemde in woorde saam te vat en akkuraat te beskryf. Engelenburg het dit reeds in die Republikeinse en die Botha-Smuts-bewind aangeleer om Kruger en daarna ook die twee generaals in te lig oor wat in hulle land aangaan. Hy het vir dié mense geskryf, veral ook dié in die Kaap, wat intens by die politiek van die dag betrokke was en wat berigte oor Indië en die kultuurervaring wat hy deurgemaak het, sou kon waardeer. Engelenburg was ŉ uitstekende politieke kommentator, of, anders gestel, ŉ uitstekende politieke ontleder. Sedert die Nasionale Party in 1924 aan bewind gekom het, het Engelenburg se politieke gedienstigheid teenoor die Suid-Afrikaanse Party verander. Moontlik het hy besef dat *De Volkstem* uit pas was met die samelewing se politieke voorkeure. Sy pogings om die koerant se aandele by Smuts te koop het telkens misluk. Waarskynlik het hy geredeneer dat indien hy weer in volle beheer van die koerant kon kom, hy ŉ onafhanklike beleid kon bepaal. Preller het tydens sy redakteurskap by *De Volkstem* nie die belange van die Suid-Afrikaanse Party voorop gestel nie omdat sy politieke sentimente na die Nasionale Party verskuif het. Die gevolg was dat die ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party nie meer gevoel het dat die koerant hulle partybelange beskerm het nie.

Engelenburg se biografie in 1928 van generaal Louis Botha is geskryf om onduidelikhede en wanopvattinge oor Botha se politieke beleid op te los. Hy het in 1924 ook ŉ boek oor president Kruger geskryf. Deur oor hierdie twee leiers te skryf, wou hy Afrikaners weer bewus maak van hulle verlede. Die ironie was dat Afrikaners begin het om die geskiedenis van die ou Republiek agter hulle te plaas en ŉ nasionalistiese spoor te volg. Die boek met Botha se politieke insigte kon dus nie verhoed dat die Suid-Afrikaanse Party die 1929-verkiesing verloor nie.

Ten spyte van al die rampe en terugslae wat Engelenburg van 1925 tot 1931 getref het, het hy moedig met sy werk voortgegaan. Hoewel hy ŉ invloedryke figuur in die Akademie was, het hy ŉ neutrale rol ten opsigte van die Afrikaanse kultuur probeer speel. Hy kon nooit opgewonde raak oor rolprente nie. Hy was nog onbewus van die omvangryke rol wat hierdie genre van kommunikasie in die toekoms sou speel. Hy was duidelik ook blind vir die kunswaarde van die filmwese. Engelenburg verdien erkenning vir die feit dat hy die waarde van Leo Frobenius se

argeologiese werk ingesien het. Die feit dat Frobenius ŉ Duitser was kon ook ŉ rol gespeel het in die Suid-Afrikaanse regering se trae houding om fondse beskikbaar te stel. Duitsland was ná die Eerste Wêreldoorlog nie gewild nie, veral nie onder lede van die Verenigde Party nie en ook nie namate die moontlikheid van ŉ tweede wêreldoorlog aan die orde gekom het nie. Frobenius se interpretasie van die Afrika-kultuur (inboorlingkultuur) het waarskynlik nie ingang gevind by die meeste Afrikaner-leiers nie. Deur Engelenburg se toedoen kon Frobenius vir ŉ aansienlike tydperk sy navorsing in Afrika voortsit.

Die probleme wat *Die Volkstem* vanaf 1925 ondervind het – eers met die bedanking van Preller en daarmee saam die wêreldwye ekonomiese depressie – was teen 1931 nog nie opgelos nie. Engelenburg het nie meer die krag gehad om die koerant weer tot ŉ winsgewende besigheid op te bou nie. Hy het in 1931 finaal as hoofredakteur van die koerant uitgetree. Sy vrou was bedlêend en hy moes al sy aandag aan haar gee. Hy het die leisels aan ŉ paar betroubare persone oorgegee, maar ook hulle kon nie daarin slaag om die koerant weer as ŉ florerende besigheid te bedryf nie.